

AFRIKAANS



DEPARTEMENT BOSBOU, VISSERYE EN DIE OMGEWING

KONSEP- ALGEMENE BELEID OOR DIE TOEWYSING VAN KOMMERSIËLE VISVANGREGTE: 2021

**HIERDIE KONSEPBELEID MOET SAAM MET DIE TOEPASLIKE KONSEP- VISSERYSPESIFIEKE
BELEIDE EN DIE KONSEPBELEID VIR DIE OORDRAG VAN KOMMERSIËLE VISVANGREGTE
GELEES WORD (beskikbaar by www.environment.gov.za)**

(In case of any inconsistency, the English text of the Gazetted Draft Policy will prevail).

INHOUDSOPGAWE

I.	Definisies	5
II.	Akronieme	9
DEEL A: INLEIDING.....		10
1.	INLEIDING	10
2.	TOEPASSING VAN DIE 2021: ALGEMENE BELEID.....	11
3.	PROFIEL VAN DIE SUID-AFRIKAANSE VISSERY	11
4.	DOEL EN DOELWITTE	13
DEEL B: TOEWYSINGSPROSES VIR KOMMERSIËLE VISVANGREGTE		15
5.	AANSOEK OM KOMMERSIËLE VISVANGREGTE	15
5.1	<i>Spanne</i>	15
5.2	<i>Beleide en aansoekvorms</i>	16
5.3	<i>Aansoekgelde</i>	16
5.4	<i>Bestuur van aansoeke</i>	17
6.	UITSLUITINGSKRITERIA	17
6.1	<i>Onbehoorlike indieningskriteria</i>	18
6.2	<i>Kriteria vir wesenlik gebrekkige aansoeke</i>	18
7.	BALANSERINGSKRITERIA.....	22
7.1	<i>Balanseringskriteria: Kategorie A/vorige regtehoueraansoekers</i>	22
7.1.1	<i>Multisektorbetrokkenheid</i>	22
7.1.2	<i>Visvangervaring en -kennis</i>	23
7.1.3	<i>Belegging</i>	23
7.1.4	<i>Vertroue</i>	23
7.1.5	<i>Nakoming</i>	24
7.1.6	<i>Toegang tot geskikte vaartuig</i>	25
7.1.7	<i>Visvangprestasie</i>	25
7.1.8	<i>Transformasie</i>	26

7.1.9	Werkskepping.....	28
7.2	<i>Balanseringskriteria: Kategorie B-aanzoekers</i>	29
7.2.1	Multisektorbetrokkenheid	29
7.2.2	Visvangervaring en -kennis	29
7.2.3	Belegging	30
7.2.4	Vertroue.....	30
7.2.5	Nakoming	30
7.2.6	Toegang tot geskikte vaartuig	31
7.2.7	Visvangprestasie	32
7.2.8	Transformasie	32
7.2.9	Werkskepping.....	35
7.3	<i>Balanseringskriteria: Kategorie C/nuwe toetreders-aansoek</i>	35
7.3.1	Visvangervaring en -kennis	36
7.3.2	Belegging	36
7.3.3	Vertroue.....	36
7.3.4	Nakoming	37
7.3.5	Toegang tot geskikte vaartuig	37
7.3.6	Transformasie	38
7.3.7	Werkskepping.....	41
8	TOESTAAN VAN KOMMERSIËLE VISVANGREGTE.....	41
8.1	<i>Totale Toelaatbare Vangs (TTV), Totale Ontplooibare Poging (TOP) of 'n kombinasie daarvan</i>	41
8.2	<i>Visserytransformasieraad</i>	43
8.3	<i>Voorlopige besluit en aankondiging daarvan</i>	43
8.4	<i>Inligting wat oorweeg moet word</i>	43
8.5	<i>Versoeke om verdere inligting, ondersoek en raadpleging</i>	45
8.6	<i>Aanzoekers se betrokkenheid en verhouding met ander aanzoekers</i>	45
8.7	<i>Finale besluit en aankondiging daarvan</i>	46
8.8	<i>Deurlopende toestaan van kommersiële visvangregte</i>	47
8.9	<i>Formaat van Regtehouers</i>	47
8.10	<i>Duur van reg</i>	48
8.11	<i>Appèlle</i>	48
8.12	<i>Betaling van regtoewysingsgelde</i>	49

8.13	<i>Oordrag van visvangreg</i>	49
8.14	<i>Uitoefening van visvangreg</i>	50
8.15	<i>Betaling van heffings</i>	50
8.16	<i>Kansellasië en opskorting van regte, lisensies en permitte</i>	50
9	TOEGANG TOT INLIGTING	51
DEEL C: INWERKINGTREDINGSDATUM EN BELEIDSHERSIENING		51
10	INWERKINGTREDINGSDATUM	51
11	MONITERING EN EVALUERING VAN DIE BELEID	51

I. Definisies

“**Aansoeker**” beteken ’n Suid-Afrikaanse persoon soos in die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne 18 van 1998 gedefinieer word wat ’n aansoek om ’n kommersiële visvangreg ingedien het in ’n sektor-spesifieke vissery wat toegeken moet word.

“**Aansoekperiode**” beteken die periode wat begin met die publikasie van ’n *“uitnodiging aan belanghebbende partye om vir ’n kommersiële visvangreg in ’n visserysektor aansoek te doen”*, tot met die datum waarop die appèlowerheid finaal oor die appèlle in daardie vissery besluit.

“**Swartmense of -persoon**” ingevolge die Wet op Breë Swart Ekonomiese Bemagtiging, 2003 (Wet No. 53 van 2003) beteken swartes, bruinmense, Chinese en Indiërs wat deur geboorte of afstamming burgers van die Republiek van Suid-Afrika is of voor 27 April 1994 of op of ná 27 April 1994 deur naturalisering burgers van die Republiek van Suid-Afrika geword het en wat voor daardie datum daarop geregtig sou wees om burgerskap te verkry deur naturalisering maar wat as gevolg van apartheidsbeleide verhoed is om dit te doen.

“**Byvangs**” beteken die vang van ander spesies as die beoogde teikenspesies in ’n visvangbedrywigheid soos in die sektor-spesifieke beleide bepaal word. Byvangs sluit spesies in wat ontskeep is en verwerp is, asook dié wat deur vistuig beseer of doodgemaak is.

“**Vangsooreenkoms**” beteken ’n regtens bindende ooreenkoms aangegaan tussen twee of meer partye wat die wyse bepaal waarop visvangvaartuie deur kontrakterende partye gebruik sal word en/of die wyse waarop vangste onder kontrakterende partye verdeel sal word. Die vangsooreenkoms sal ’n regsraamwerk verskaf waarbinne persone sake kan doen en hulpbronne kan uitruil met die veilige wete dat die wet hulle ooreenkomste sal handhaaf en, indien nodig, dit sal afdwing. Kontraktereg is die grondslag van privaat ondernemings in Suid-Afrika en reguleer dit in die belang van billike transaksies. ’n Vangsooreenkoms moet voorsiening maak vir remedies vir kontrakbreuk wat óf op die nakoming óf op die terugtrede of kansellering van sodanige ooreenkoms gemik is.

“Goeie Praktykkodes” beteken die SEB-kodes vir goeie praktyk wat in 2004 ingevolge die Wet op Breë Swart Ekonomiese Bemagtiging, 2003 (Wet No. 53 van 2003) deur die Minister van Handel, Nywerheid en Mededinging gepubliseer is.

“Bedryfsbates” beteken bates wat binne een jaar of binne ’n normale bedryfsiklus in kontant omgesit kan word.

“Bedryfslaste” is ’n maatskappy se skulde of verpligtinge wat binne een jaar of binne ’n normale bedryfsiklus betaalbaar is.

“Departement” beteken die Departement Bosbou, Visserye en die Omgewing.

“Aangewese Groep” beteken swartmense, vroue en persone met gestremdhede soos in die Wet op Diensbillikheid, 1998 (Wet No. 55 van 1998) omskryf word.

“Eksklusiewe ekonomiese sone” beteken ’n gebied met kuswater en seabodem tot 200 seemyl weg van die kuslyn of die buiteriwe waarin ’n aanliggende land beheer en verantwoordelikheid het.

“Vangpoging” beteken die hoeveelheid tyd en visvangkrag wat gebruik word om vis te oes. Visvangkrag sluit in grootte van vistuig, grootte van boot en perdekrags.

“Vissery” beteken (1) een of meer visstapels, of enige visvangbedrywighede wat op sodanige stapels gebaseer is wat as ’n eenheid beskou kan word vir bewarings- en bestuursdoeleindes en op grond van geografiese, biologiese, tegniese, kommersiële, ontspannings-, ekonomiese en/of ander relevante kenmerke geïdentifiseer kan word; en (2) enige visvangs vir sodanige stapels.

“Visvang” beteken (a) die opspoor, vang, neem of oes van vis of ’n poging om enige sodanige handeling uit te voer; (b) uitvoer van enige ander bedrywigheid waarvan redelikerwyse verwag kan word om tot die opspoor, vang, neem of oes van vis tot gevolg te hê; (c) plasing van, soek na of terugvind van enige visskollingstoestel of verwante vistuig, insluitend radiobakens; (d) enige handeling ter ondersteuning of voorbereiding van enige aktiwiteit wat in hierdie definisie beskryf word; of (e) die gebruik van ’n vliegtuig ten opsigte van enige bedrywigheid wat in hierdie definisie beskryf word.

“Visvangregte” beteken ’n reg om ’n spesifieke geteikende spesie vir ’n bepaalde tydperk te vang.

“Familie” beteken ’n samelewingsgroep wat deur bloed (verwantskap), aanneming, pleegsorg of huweliksband (burgerlike, gewoonte of godsdienst), burgerlike verbintenis of kohabitatie verwant is, en strek verder as ’n spesifieke fisieke woonplek.

“Fronting” beteken ’n doelbewuste omseiling of gepoogde omseiling van die BSEB-wet en die kodes. Fronting behels gewoonlik dat daar staatgemaak word op data of bewerings van nakomings gegrond op wanvoorstellings van feite, hetsy gemaak deur die party wat nakoming beweer of deur enige ander persoon.

“Vangste aan wal” beteken die getal of gewig van die vis wat na die dok (kommersiële) of aan wal (ontspanning) gebring word. Vangste aan wal word gerapporteer op die punte waar die vis aan wal gebring word.

“Minister” beteken die Minister van Bosbou, Visserye en die Omgewing.

“Nuwe toetreder” beteken ’n aansoeker wat histories nog nooit ’n kommersiële visvangreg in die visvangsektor waarvoor aansoek gedoen word of in enige spesifieke visvangsektor gehad het nie.

“Papiertkwota” beteken ’n aansoeker wat sy toewysing of reg sal gebruik bloot om ’n inkomste te ontvang met geen voorneme om te belê of geen ernstige voorneme het om te deel in die risiko of ten volle aan die sektor deel te neem nie – met ander woorde sal die kwota aan ’n ander maatskappy of persoon verkoop of oordra¹.

“Produktiewe Bates” beteken bates, insluitend bates van ’n referente persoon wat regstreeks of onregstreeks besit word deur eienaarskap van die tipe kapitaaleffekte wat in die kabelverwante besigheid gebruik word of nuttig is.

¹ Bato Star (Pty) Ltd v Minister of Environmental Affairs and Tourism & others 2004(7) BCLR687 (CC)

“**Kwota**” beteken ’n perk op die gewig van die vis wat in ’n spesifieke stapel of gebied gevang mag word; ’n getalbeperking is ’n kwota (gewoonlik in die getal visse wat gevang mag word) wat op ontspanningsvissers van toepassing is.

“**Regtehouer**” beteken ’n persoon wat ’n geldige kommersiële visvangreg het.

“**Teikenspesie**” beteken die spesie of spesieversamelings waarvoor visvangregte toegestaan is en wat die primêre of beoogde vangs is in ’n spesifieke visvangsektor soos in die sektor-spesifieke beleide bepaal word.

“**Teiken**” beteken die ontplooiing van vistuig op ’n spesifieke manier op ’n toepaslike tydstip en in ’n toepaslike ruimte om ’n spesifieke spesie of spesieversameling te vang.

“**Totale Toelaatbare Vangs (TTV)**” beteken die maksimum hoeveelheid vis van individuele spesies of groepe spesies wat jaarliks of op sodanige ander tydstip as wat voorgeskryf mag word, beskikbaar gestel word vir gekombineerde ontpannings-, kleinskaalse, kommersiële en buitelandse vangs of die maksimum vangs wat in ooreenstemming met ’n gespesifiseerde bestuursplan deur ’n vissery toegelaat word.

“**Totale Ontplooibare/Toelaatbare Poging (TOP)**” beteken die maksimum getal visvangvaartuie, die tipe, grootte en motorkrag daarvan of die visvangmetode wat daardeur gebruik word waarvoor lisensies of permitte om vis te vang vir individuele spesies of groepe spesies aan visvangvaartuie uitgereik word, of die maksimum getal persone aan boord van ’n visvangvaartuig vir wie visvanglisensies of -permitte uitgereik kan word om individuele spesies of groepe spesies te vang of die maksimum hoeveelheid tyd en/of visvangkrag wat toegelaat word om vis te oes. Visvangkrag sluit in grootte van vistuig, grootte van boot en perdekrag.

II. Akronieme

RAF	Raadplegende Adviesforum
VPEP	Vangs Per Eenheid Poging
OLOP	Omvattende Landelike Ontwikkelingsplan
EES	Eksklusiewe Ekonomiese Sone
VTR	Visserytransformasieraad
GGOP	Geïntegreerde Groei- en Ontwikkelingsplan
IPAP	Nywerheidsbeleidsaksieplan
MLRA	Wet op Lewende Mariene Hulpbronne, 1998 (Wet No. 18 van 1998)
MLRF	Lewende Mariene Hulpbronnefonds
NOP	Nasionale Ontwikkelingsplan
NGB	Nuwe Groeibaan
VBVB	Voorkomende Boonste Vangsbeperking
SVBO	Streeksvisserybestuursorganisasie
TTV	Totale Toelaatbare Vangs
TOP	Totale Ontplooibare Poging

DEEL A: INLEIDING

1. INLEIDING

- 1.1 Hierdie **Algemene Beleid oor die Toewysing van Kommersiële Visvangregte: 2021** word deur die Minister van Bosbou, Visserye en die Omgewing (“die Minister”) uitgereik en sal die “**2021: Algemene Beleid**” genoem word.
- 1.2 Die doel van die **2021: Algemene Beleid** is om riglyne te verskaf vir die toewysing en toestaan van kommersiële visvangregte wat deur artikel 18 van die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne 18 van 1998 (“die MLRA”) voorgeskryf word ten opsigte van alle visserye soos deur elke onderskeie “**Visserysektor-spesifieke beleid**” aangedui word.
- 1.3 Die toewysing en toestaan van regte wat deur artikel 18 van die MLRA vir elke vissery bepaal word, sal gelei word deur elke sektor-spesifieke “**Visserybeleid**”, wat ook die “**Visserysektor-spesifieke beleide**” genoem word.
- 1.4 Die Algemene en Visserysektor-spesifieke beleide word gegrond op die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet No. 18 van 1996) (“die Grondwet”), die MLRA, die Wet op Breë Swart Ekonomiese Bemagtiging, 53 van 2003 (“die BSEB-wet”), die Wet op die Nasionale Bemagtigingsfonds, 105 van 1998 (“die NEFA”), die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000 (Wet 3 van 2000) (“die PAJA”), die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, No. 2 van 2000 (“die PAIA”), die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (“die POPI”), die Wet op die Nasionale Argief van Suid-Afrika, 1996 (Wet No. 43 van 1996) en die belangrike regeringsbeleide soos die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP), die Geïntegreerde Groei- en Ontwikkelingsplan (GGOP) vir Landbou, Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming, die Nuwe Groeibaan (NGB), die 2012 Nywerheidsbeleidsaksieplan (IPAP) en die Omvattende Landelike Ontwikkelingsplan (OLOP), asook ander tersaaklike internasionale instrumente en verdrae waaraan Suid-Afrika deelneem, en is op die toewysing van kommersiële visvangregte van toepassing.
- 1.5 Die 2021: Algemene Beleid moet gelees word saam met die “**Visserysektor-spesifieke beleide**” wat vir elke vissery aanvaar is.

- 1.6 Die magte om kommersiële visvangregte ingevolge artikel 18 van die MLRA toe te wys en toe te staan is in die Minister gevestig. Die Minister kan, ingevolge artikel 79 van die MLRA, enige van die magte wat aan haar verleen word aan enige beampte(s) van die Departement van Bosbou, Visserye en die Omgewing (“die Departement”) delegeer om kommersiële visvangregte toe te wys en toe te staan. Soos met alle ander gedelegeerde magte, wanneer sodanige mag(te) deur die Gedelegeerde Owerheid uitgeoefen is, kan die Gedelegeerde Owerheid nie sy of haar besluit hersien nie (met ander woorde die *functus officio*-leerstelling is van toepassing).

2. TOEPASSING VAN DIE 2021: ALGEMENE BELEID

- 2.1 Die 2021: Algemene Beleid is van toepassing op:

- (a) Die toewysing van kommersiële visvangregte in die volgende kommersiële visvangsektore: perlemoen, bodemhaai-langlyn, diepsee-stokvistreil, stokvis-handlyn, stokvis-kustreil, stokvis-langlyn, marsbanker, KwaZulu-Natal-strandtreknet, KwaZulu-Natal-garnaaltreilvangs, groot pelagiese langlyn, netvisvangs (kiefnette en strandtreknette), oesters, Patagoniese tandvis, seewier, klein pelagiese vis, Suidkus-kreef, pylinkvis, tradisionele lynvis, tuna-paallyn, Weskus-kreef (naby die kus), Weskus-kreef (oop see), en witmossels, tensy die sektor in ’n ander visvangsektor as die kommersiële visvangsektor bestuur word;
- (b) Indien enige van die visvangsektore toegewys word aan of verskuif word na die kleinskaalse visvangsektor, sal daardie visvangsektore ingevolge die Kleinskaalse Visvangbeleid en verwante regulasies bestuur word; en
- (c) nuwe visserye wat gevestig en gekommersialiseer kan word.

- 2.2 Die bepalinge van die 2021: Algemene Beleid moet saam met die Visseryesektor-spesifieke beleide gelees word. Die bepalinge van die 2021: Algemene Beleid sal voorrang geniet indien daar enige botsing tussen die bepalinge van die 2021: Algemene Beleid en die Visseryesektor-spesifieke beleide is.

3. PROFIEL VAN DIE SUID-AFRIKAANSE VISSERY

- 3.1 Suid-Afrika het jurisdiksie oor 'n eksklusiewe ekonomiese sone (EES) wat 1 071 883 km² dek. Die EES het belangrike mariene hulpbronne, insluitend visserye. Visvang word tot Suid-Afrikaanse vaartuie beperk. Suid-Afrika se kuslyn strek vanaf die Oranjerivier (woestyn grens met Namibië aan die weskus) suidwaarts om die punt van Afrika, en noordoos tot by die grens met Mosambiek, en is ongeveer 3 000 km lank. Die oseanografie om Suid-Afrika is een van die mees komplekse en veranderlike in die wêreld. Dit word in wese deur twee hoofdryfkrigte beïnvloed, naamlik die snelvloeiende Agulhasstroom aan die oos- en suidkus, en die koue, voedingstof-ryke Benguelastroom aan die oosgrens langs die weskus.
- 2.2 Ingevolge die skrif oor Suid-Afrikaanse Visserye en die SAOG-EU Ekonomiese Vennootskapsooreenkoms: 2017 dra die Suid-Afrikaanse visserysektor minder as 1% van die totale bruto binnelandse produk (BBP) en 5% van die Wes-Kaap se provinsiale BBP by, maar dit is 'n uiters strategiese sektor vir voedselsekerheid, indiensneming en omgewingsimpak. Visseryhulpbronne is selfhernubaar, en indien dit goed bestuur word, is die duur daarvan feitlik onbeperk. Die Suid-Afrikaanse visserysektor is ongeveer R8 miljard per jaar werd, het 28 000 mense regstreeks in diens, en is 'n goeie bron van proteïen.
- 2.3 Die wildevangs- en visvangsektore in Suid-Afrika bestaan uit plaaslike kommersiële, kleinskaalse, ontspannings- en buitelandse visvangs, en word ingevolge die bepalings van die MLRA onder die jurisdiksie van die nasionale Departement bestuur. Ingevolge hierdie Wet is die verantwoordelike owerhede verplig om hierdie visserye verantwoordelik en volhoubaar te bestuur. Hulle moet dus met aanpassings van beleide oor navorsing en bestuur op groot en blywende veranderings in die verspreiding en talrykheid van hulpbronne reageer. Dit sluit regtetoewysings, die seisoenale vasstelling van volhoubare TTV's en TOP's, en die ontwikkeling van bedryfsbestuursprosedures (BBP's) in wat aanpasbaar genoeg is om moontlike skommelings in talrykheid en moontlik ander faktore soos klimaatsverandering in ag te neem. Suksesvolle aansoekers ontvang die reg om kommersiële of kleinskaalse visvang te onderneem, by marikultuur betrokke te raak of 'n visverwerkingsonderneming ingevolge die bepalings van artikel 18 van die MLRA te bedryf. Wêreldwye TTV's of TOP's, of 'n kombinasie daarvan, word ingevolge die bepalings van artikel 14 van die MLRA bepaal en aan bestaande visvangsektore toegewys, en die kommersiële TTV's of TOP's word daarna proporsioneel aan bestaande kommersiële regtehouers toegewys. Regtehouers ontvang ook jaarliks ingevolge die bepalings van artikel 13 van die MLRA permitte

om hulle regte uit te oefen, onderhewig daaraan dat hulle voldoen aan die tersaaklike voorwaardes wat in daardie permit deur die Minister bepaal word. Die uitreiking van toekomstige permitte kan geweier word indien daar nie aan sodanige permitvoorwaardes voldoen word nie.

2.4 Die uitdaging om die MLRA te implementeer, is om Suid-Afrika se visserye te hervorm om rasseverteenoordiging te balanseer en die behoefte om die maatskaplike en ekonomiese voordele van visseryhulpbronne te verhoog en te balanseer met die eindige aard van die hulpbron en die behoefte om volhoubaarheid vir toekomstige geslagte te verseker. Die visvangbedryf is sedertdien hervorm deur ingevolge die bepalings van artikel 18 van die MLRA aan 'n aantal nuwe toetreders of histories-benadeelde persone die reg van toegang tot die meeste kommersiële visserye te gee. Verskeie visvangmaatskappye het ook deur breë swart ekonomiese bemagtiging (BSEB) en diensbillikheidspraktyke intern getransformeer om rasverteenoordigend te word, maar die proses om die visvangbedryf te hervorm, duur as 'n onvoltooide taak voort.

2.5 Volgens die 2020-verslag oor die status van die Suid-Afrikaanse mariene visseryhulpbronne word 61% van mariene visseryhulpbronnevoorrade nie as kommerwekkend beskou nie (blou en groen kategorie), terwyl 39% van die voorrade kommerwekkend is (oranje en rooi kategorie). Hierdie syfers dui 'n verbetering oor die afgelope agt (8) jaar aan, met 46% van die voorrade wat in 2012 nie as kommerwekkend beskou is nie, 49% in 2014 en 52% in 2016. Die besonderhede van elke kommersiële visseryprofiel kan in die Visserysektor-spesifieke beleide gevind word.

2.6 Die Departement het met kommer ten opsigte van die duur van die langtermyn- kommersiële visvangregte kennis geneem dat daar openbare protes van die visvangbedryf is oor die ekonomiese bemagtiging van histories-benadeelde persone, die ekonomiese lewensvatbaarheid van kwotas en maatskaplike ongeregtigheid, wat strategies reggestel moet word. Die proses om die visvangbedryf te hervorm, is 'n deurlopende een.

4. DOEL EN DOELWITTE

4.1 Die doel en doelwitte van die 2021: Algemene Beleid, saam met die Visserysektor-spesifieke beleide, is om uitvoering te gee aan doelwitte van die MLRA wat in artikel 2 van die MLRA gelys word en wat almal vir die toewysing en toestaan van kommersiële visvangregte relevant is.

- 4.2 Hierdie beleid erken die behoefte om die optimale, langtermyn- en regverdigbare gebruik van lewende mariene hulpbronne te verseker ten einde volhoubare ontwikkeling van die visvangsektor te verseker om inklusiewe ekonomiese groei te bewerkstellig, kapasiteit in die Lewende Mariene Hulpbronnefonds (MLRF) te bou en volhoubare indiensneming te skep wat met die ontwikkelingsdoelwitte van die nasionale regering ooreenstem. Die MLRA vereis dat besluitnemers oorweging moet skenk aan die behoefte om lewende mariene hulpbronne vir die huidige sowel as toekomstige geslagte te bewaar. Die impak op die teikenspesies sowel as die ekosistels as geheel, insluitend spesies wat nie vir ontginning geteiken word nie (“byvangs”), moet in ag geneem word, soos in artikel 2 van die MLRA uiteengesit word. Die behoefte om mariene biodiversiteit te bewaar, asook die behoefte om mariene besoedeling te beperk, moet in aanmerking geneem word. Die beleid probeer om op grond van wetenskaplike beginsels en internasionale beste praktyk die volhoubare gebruik van lewende mariene hulpbronne te verseker. Dit word hoofsaaklik gedoen deur ’n Totale Toelaatbare Vangs (TTV) per geteikende spesie of spesiegroep, ’n Totale Ontplooibare Poging van eenhede tyd wat aan visvang bestee word, vistuig, vaartuie of vissers, of ander bestuursinstrumente (soos Voorkomende Boonste Vangsbepanking (VBVB)) of ’n kombinasie daarvan vas te stel. Die lys van teikenspesies, asook die byvangsbepankings vir spesies wat spesifiek kommerwekkend is, sal in die sektor-spesifieke beleide en tersaaklike permitvoorwaardes gespesifiseer word. Bestuursmaatreëls vir byvangsspesies wat van bewaringsbelang en eie aan ’n individuele vissery is, sal in die onderskeie sektor-spesifieke beleide uiteensit word.
- 4.3 Hierdie hoeveelhede of maatreëls wat in paragraaf 4.2 uiteengesit word, sal primêr oorweeg word voordat visvangregte toegewys word ten einde oorkapasiteit, oorbenuiting en konflik onder hulpbrongebruikers te voorkom terwyl voedselsekerheid, doeltreffende bestuur, volhoubare groei en stabiliteit verbeter word.
- 4.4 Die transformasie van die visvangbedryf is ’n grondwetlike en wetgewende imperatief. Die vernaamste manier waarop die transformasie van die Suid-Afrikaanse visvangbedryf bevorder word, is die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne van 1998 (MLRA).

- 4.4.1 Die MLRA vereis dat besluitnemers oorweging moet skenk aan die behoefte om die visvangbedryf te herstruktureer om historiese wanbalanse te hanteer en substantiewe gelykheid in al die sektore van die visvangbedryf te verkry. Transformasie is ook 'n grondwetlike imperatief in Suid-Afrika.
- 4.4.2 Die Wet op Breë Swart Ekonomiese Bemagtiging 53 van 2003 (die BSEB-wet) is een van 'n aantal statutêre instrumente wat aan hierdie grondwetlike imperatief uitvoering gee. Die BSEB-wet bepaal dat die Minister van Handel, Nywerheid en Mededinging deur middel van kennisgewing in die Staatskoerant kodes van goeie praktyk oor swart ekonomiese bemagtiging kan uitvaardig. Die kodes maak voorsiening vir 'n gebalanseerde telkaart om vordering en status in ondernemings, en ook die aanvaarding van transformasiereglements vir spesifieke sektore van die ekonomie deur die vernaamste belanghebbers in daardie sektore te meet.
- 4.4.3 Die BSEB-wet en die kodes is in die ontwikkeling van hierdie Beleid en die Visserysektor-spesifieke beleide in ag geneem. As gevolg van die aard van die kommersiëlevisvangregte-toewysingsproses en ook omdat daar geen kode is wat geïdentifiseer kan word ten opsigte van die bestaan van statutêre magtigings om vis te vang nie, het die Minister van Bosbou, Visserye en die Omgewing nie die gewigstoekenning en norme aanvaar wat in die kodes ten opsigte van eienaarskap en bestuur vasgestel word nie. Wanneer kommersiële visvangregte toegewys word, moet die Gedelegeerde Owerheid aansoekers met mekaar, eerder as met 'n eksterne norm, vergelyk.
- 4.4.4 Die 2021: Algemene Beleid probeer om verder te transformeer as en die vlakke van transformasie wat reeds in die visvangbedryf bereik is, te verbeter. Slegs gehaltetransformasie sal erken word, met ander woorde transformasie wat lei tot werklike voordele vir histories-benadeelde persone soos in die Wet op die Nasionale Bemagtigingsfonds 105 of 1998 (NEFA) omskryf word.

DEEL B: TOEWYSINGSPROSES VIR KOMMERSIËLE VISVANGREGTE

5. AANSOEK OM KOMMERSIËLE VISVANGREGTE

5.1 Spanne

Die Minister of Gedelegeerde Owerheid kan spanne en/of komitees aanstel om met die bestuur en implementering van die toewysingsproses van kommersiële visvangregte te help.

5.2 Beleide en aansoekvorms

- 5.2.1 Die Minister sal in die openbaar die wyse aankondig waarop daar oor die beleide en aansoekvorms vir die toewysing van kommersiële visvangregte gekonsulteer sal word, en oor hoe aansoekvorms versprei en ingedien sal word.
- 5.2.2 Die aansoekers moet seker maak dat hulle aan alle vereistes voldoen voordat hulle aansoekvorms invul en indien.
- 5.2.3 Dit is die verantwoordelikheid van alle voornemende aansoekers om seker te maak dat hulle aansoeke behoorlik ingevul en betyds ingedien word.
- 5.2.4 Geen laat aansoeke sal aanvaar word nie.

5.3 Aansoekgelde

- 5.3.1 Die gelde sal afsonderlik ingevolge artikel 25 van die MLRA gepubliseer word en sal ten tye van aansoek beskikbaar gestel word.
- 5.3.2 Die aansoekgelde sal deur onder andere die volgende bepaal word:
- (a) Die koste van die administrasie van die hele toewysingsproses vir kommersiële visvangregte, insluitend konsultasie, verspreiding, inontvangsneming, evaluering van aansoeke, verifikasie, appëlle en regterlike hersienings; en
 - (b) Die relatiewe waarde van die hulpbron(ne) wat toegewys word.
- 5.3.3 Aansoekers moet die aansoekgelde aan die Lewende Mariene Hulpbronnefonds betaal voordat hulle aansoekvorm ingedien word, en bewys van betaling moet saam met die aansoekvorm ingedien word wanneer daar om 'n visvangreg aansoek gedoen word. Bankbesonderhede is soos volg:

Rekeninghouer: Lewende Mariene Hulpbronnefonds

Banknaam: Eerste Nasionale Bank

Rekeningnommer: 62123256382

Takkode: 210554

Verwysingsnommer: [Aansoeker moet die aansoeknommer van die kommersiële visvangreg invoeg]

5.3.4 Die aansoekgeld is nie terugbetaalbaar nie, buiten waar daar redelike gronde vir terugbetaling is.

5.4 Bestuur van aansoeke

5.4.1 'n Rekord van alle aansoeke wat ontvang word, sal deur die Departement gehou word.

5.4.2 Die aansoeke sal op grond van die kategorieë van die aansoeker vir elke vissery volgens visserysektor gesorteer en gekategoriseer word. Aansoeke sal in entiteite en individuele aansoekers gesorteer word.

5.4.3 Daardie aansoekers wat regte hou in die vissery waarvoor hulle weer aansoek doen tydens die duur van die regte wat in die vorige regtetoewysingsproses in die spesifieke sektor toegewys is, kan as **Kategorie A**-aansoekers beskou word. Aansoekers wat regte gehou het in ander sektore as die vissery waarvoor hulle in die tydperk 2006 tot 2020 aansoek doen, kan as **Kategorie B**-aansoekers beskou word. Daar sal 'n derde kategorie wees – **Kategorie C**-aansoekers – wat daardie aansoekers insluit wat nooit in enige kommersiële visserysektor van Suid-Afrika kommersiële visvangregte gehou het nie. Die derde kategorie word ook “nuwe toetredende-aansoekers” genoem.

5.4.4 Aansoeke van individuele aansoekers wat oorlede is tydens die evalueringsproses van die aansoeke en wanneer/of voordat daar besluit is oor 'n reg om by 'n kommersiële visvangsaktiwiteit in 'n visvangsektor betrokke te raak, sal ingevolge die gestelde kriteria geëvalueer word. Indien 'n aansoeker oorlede is nadat die reg toegestaan is, kan slegs 'n eksekuteur of Meestersvertegenwoordiger wie se aanstelling deur die Meester van die Hoë Hof bevestig is die bates en laste van die oorledene se boedel hanteer.

5.4.5 Familielede van die oorlede aansoeker moet die Departement onmiddellik skriftelik in kennis stel nadat sodanige aansoeker oorlede is. By ontvangs van die kennisgewing oor 'n oorlede aansoeker kan die Gedelegeerde Owerheid ingevolge artikel 82 van die MLRA opdrag gee vir 'n ondersoek na die saak.

5.4.6 Die aansoeke sal ingevolge die uitsluitings- en balanserende kriteria deur die Departement geëvalueer word.

6. UITSLUITINGSKRITERIA

Die volgende uitsluitingskriteria sal op alle aansoeke vir 'n reg in elkeen van die visserye van toepassing wees.

6.1 Onbehoorlike indieningskriteria

Die Gedelegeerde Owerheid het geen diskresie om die insluiting te kondoneer van aansoeke wat onbehoorlik ingedien is nie.

'n Aansoek sal geag word onbehoorlik ingedien te wees en uitgesluit word indien –

6.1.1 'n aansoeker sy of haar aansoek ná die gestelde sperdatum en -tyd vir die indiening van die aansoek indien;

6.1.2 'n aansoeker nie die volle voorgeskrewe aansoekgelde betyds betaal het nie;

6.1.3 'n aansoeker sy of haar aansoek indien sonder om die voorgeskrewe aansoekvorm te gebruik en sy of haar aansoek strydig met die instruksies van die Departement indien, met ander woorde soos per faks, e-pos of pos;

6.1.4 'n aansoeker nie 'n Suid-Afrikaanse persoon is nie;

6.1.5 'n aansoek deur 'n gederegistreerde regspersoon ingedien word of die aansoeker nie aan belastingnakomingsvereistes voldoen nie;

6.1.6 'n aansoek nie deur die aansoeker of sy of haar gemagtigde verteenwoordiger ingedien word nie; en

6.1.7 'n individuele aansoeker jonger as 18 jaar is.

6.2 Kriteria vir weselik gebrekkige aansoeke

'n Aansoek sal geag word weselik gebrekkig te wees en uitgesluit word indien –

- 6.2.1 'n aansoeker of die aansoeker se gemagtigde verteenwoordiger nie die aansoekvorm onderteken het nie en indien sy/haar handtekening nie deur 'n onafhanklike Kommissaris van Ede beëdig en gestempel is nie;
- 6.2.2 die aansoeker meer as een aansoek vir 'n reg in dieselfde visvangsektor indien;
- 6.2.3 die aansoeker vals en/of misleidende inligting of vals dokumentasie indien;
- 6.2.4 die aansoeker versuim om wesenlike inligting vir doeleindes van die evaluering van sy of haar aansoek openbaar te maak; en
- 6.3 'n aansoeker of enige van sy gemagtigde personeel/vertteenwoordiger(s) poog om die Gedelegeerde Owerheid of Minister onbehoorlik te beïnvloed ten opsigte van sy aansoek (byvoorbeeld 'n aansoeker probeer om regstreeks met die Minister of Gedelegeerde Owerheid te kommunikeer oor die aansoek). Vereistes 'n Aansoek sal uitgesluit word indien –
- 6.3.1 'n aansoeker of enige van sy lede en aandeelhouders of direkteure 'n pleitonderhandeling ingevolge artikel 105A van die Strafproseswet, Wet 51 van 1977 aangegaan het vir 'n oortreding van die MLRA, die regulasies of permitvoorwaardes en gevangenisstraf sonder die opsie van 'n boete opgelê is. Die besonderhede van die tydperk van uitsluiting sal in die Visserysektor-spesifieke beleide aangedui word;
- 6.3.2 'n aansoeker of enige van sy lede en aandeelhouders of direkteure ingevolge die MLRA, die regulasies of permitvoorwaardes skuldig bevind is sedert die tydperk wat in die Visserysektor-spesifieke beleide bepaal word (byvoorbeeld 'n aansoeker of enige van sy lede en aandeelhouders of direkteure is skuldig bevind aan meer as twee oortredings en gevonnissen tot meer as R5 000 of tronkstraf sonder die opsie van 'n boete);
- 6.3.3 'n aansoeker se bate aan die Staat verbeur is vir 'n oortreding van 'n bepaling van die MLRA² ³;
- 6.3.4 'n aansoeker se visvangreg of permit gekanselleer of teruggetrek is vir 'n tydperk wat in die Visserysektor-spesifieke beleide omskryf word. Indien 'n visvangreg of permit gekanselleer of

² Die Gedelegeerde Owerheid sal bepaal of die aansoeker deur 'n geregshof beveel is om 'n bate te verbeur. Slegs in gevalle van verbeuring van 'n bate wat deur 'n hof beveel is, sal 'n aansoeker ingevolge hierdie tellingkriterium gepenaliseer word.

³ Aansoekers wat gearresteer of aangehou is of op wie se bate(s) beslag gelê is, gearresteer of aangehou is maar waar geen bevinding van skuld deur 'n hof beveel is nie, sal insgelyks nie deur die wegings- en tellingkriteria benadeel word nie.

teruggetrek is, bly die besluit van die Minister of die Gedelegeerde Owerheid in plek tot tyd en wyl die appèl oorweeg en deur die betrokke appèlowerheid beregtig is of regtens deur 'n geregshof hersien is;

6.3.5 Ten opsigte van Kategorie A- en Kategorie B-aansoekers sal 'n aansoeker as 'n kwotarisiko beskou en uitgesluit word indien hulle versuim om enige van die volgende aan te bied:

- (a) Bankrekening
- (b) Finansiële state
- (c) Lys van produktiewe bates in die naam van die aansoeker
- (d) Versekering in die naam van die aansoeker
- (e) Werknemer in diens van die aansoeker
- (f) Uitvoerpermitte wat in die naam van die maatskappy uitgereik is
- (g) Sakeplan [visvangplan] wat die volgende bevat
- (h) Indien hulle nog nooit regstreeks by die vangs, verwerking en bemarking van hulle vis betrokke was in die tydperk waarin hulle 'n reg gehou het in die sektor waarvoor hulle aansoek doen nie.
- (i) Nie in die tydperk waarin hulle 'n reg gehou het in die sektor waarvoor hulle aansoek doen om 'n vangsperrit aansoek gedoen het nie.
- (j) Nie in die tydperk waarin hulle 'n reg gehou het in die sektor waarvoor hulle aansoek doen enige vis ontskeep het nie.
- (k) Indien hulle nie enige vis sal vang en ontskeep nie.

6.3.6 'n aansoeker sal soos volg deur die Gedelegeerde Owerheid geag word 'n papierkwotarisiko te wees soos deur die 2021: Algemene Beleid omskryf word:

- (a) Indien dit uit die aansoek blyk dat die regtehoueraansoeker versuim om 'n substantiewe belang te toon by die ontginning, verwerking en/of bemarking van die visvangreg wat gehou word of wat toegewys moet word. Ten einde vas te stel of die regtehoueraansoeker 'n papierkwotarisiko inhou, sal die volgende in ag geneem word:
 - (i) Kumulatiewe optrede van die regtehoueraansoeker oor die tydperk van die reg wat toegewys word.

- (ii) Regtehoueraansoekers wat versuim om in werk, die oes van hulle visvangreg(te), die verwerking en veredeling van vis en/of die bemarking en verkoop van hulle vis te belê.
- (b) Die Gedelegeerde Owerheid sal 'n aansoeker as 'n "papierkwotarisiko" beskou indien dit uit die aansoek blyk dat die regtehoueraansoeker geen ernstige voorneme het om die risiko te deel om ten volle aan die sektor deel te neem nie, veral as daar 'n gevaar bestaan dat 'n aansoeker nie aansoek gedoen het om die bedryf te betree nie maar om die een of ander finansiële voordeel te trek sonder regstreekse betrokkenheid by die hoofaktiwiteite wat verband hou met die ontginning van die reg wat toegeken kan word. Ten einde te bepaal of 'n aansoeker so 'n papierkwotarisiko inhou, sal die aansoeker se bates en toegang tot kapitaal en sy finansiële en sakebeplanning en verbintnisse oorweeg word. Die Gedelegeerde Owerheid moet probeer om te voorkom dat papierkwota-aansoekers die visvangbedryf betree omdat papierkwotas die doelwitte van die kommersiële visvangregtetoewysingsproses ondermyn en omseil.
- (c) Die Gedelegeerde Owerheid moet alle redelike stappe doen om papierkwota-aansoekers te verwyder aan wie dalk kommersiële visvangregte toegeken is. Die Gedelegeerde Owerheid sal aansoekers aan wie kommersiële visvangregte toegestaan is maar wat swak of geen prestasierekords toon nie, gekombineer met geen belegging of regstreekse betrokkenheid by die visvangbedryf nie, as papierkwota-aansoekers beskou.
- (d) Die Gedelegeerde Owerheid sal ook aansoekers wat as 'n front vir ander begunstigdes beskou word as "papierkwotarisiko-aansoekers" uitsluit. Fronting kom voor wanneer 'n aansoek deur 'n ander entiteit met nakoming ingedien word ten einde 'n beleidsdoelwit te omseil. Dit behels gewoonlik dat daar staatgemaak word op data of bewerings van nakoming gegrond op wanvoorstellings van feite, hetsy gemaak deur die party wat nakoming beweert of deur enige ander persoon. 'n Voorbeeld is 'n aansoek wat gemaak word deur 'n oënskynlik getransformeerde entiteit met die bedoeling dat die hoofvoordele sal vloei na 'n ongetransformeerde entiteit of individue wat nie aangewese persone is nie. 'n Ander voorbeeld is wanneer 'n buitelandse entiteit of individu met die Suid-Afrikaanse persoon saamspan deur nie die werklike eienaar(s) van die vaartuig te verklaar wat die

aansoeker as sy of haar vaartuig verklaar het terwyl die aansoek ingedien is vir 'n reg nie en sodoende die regtetoewysingsproses ondergrawe.

- (e) Die Departement sal uiteindelik artikel 28-verrigtinge ingevolge die MLRA instel teen regtehouers wat papierkwotahouers of fronte blyk te wees.
- (f) Die Departement kan kommersiële visvangregte herroep wat gehou word deur regtehouers wat versuim om hulle regte te benut in die eerste twee jaar nadat hulle regte toegestaan is.

6.3.7 'n Aansoeker versuim het om enige van sy of haar visvangregte te benut in dieselfde visvangsektor waarin daar om 'n reg aansoek gedoen is gedurende die tydperk van die kommersiële visvangreg wat in LTRAMP2005 en FRAP 2013 aan hom of haar toegeken is.⁴

7. BALANSERINGSKRITERIA

Aansoeke wat die uitsluitingskriteria slaag, sal verder geëvalueer word en aan geweege tellingkriteria of balanseringskriteria onderwerp word om die suksesvolle aansoekers in elkeen van die visvangsektore te bepaal. Wegings- en tellingkriteria sal vir aansoekers in Kategorie A, B en C ontwikkel en ontwerp word. Die weging per kriterium sal gestel word op 'n persentasie wat gegrond word op die belangrikheid daarvan om te verseker dat die doelwitte soos in hoofstuk 4 uiteengesit word, nagekom word. Die kriteria wat geweege en getel moet word, is die volgende:

7.1 Balanseringskriteria: Kategorie A/vorige regtehoueraansoekers

Aansoekers sal in ooreenstemming met die sektor-spesifieke beleide en hulle aansoekvorm 'n geweege telling ontvang wat gegrond word op: –

7.1.1 Multisektorbetrokkenheid

- (a) Die getal visvangsektore waarby die aansoeker betrokke is en die aansoeker se betrokkenheid by ander visvangsektore as die visvangsektor waarvoor hulle aansoek doen, kan ook vir die doeleindes van die prioritisering van die uitbreiding

⁴ Vorige regtehoueraansoekers wat versuim het om enige ontskepings in die langtermynperiode (2007–2020) aan te teken, sal uitgesluit word omdat hulle ten opsigte van 'n noodsaaklike vereiste misluk het.

van toegang, transformasie en inklusiewe ekonomiese ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse visvangbedryf oorweeg word.

- (b) Die grootte van die toewysing in die sektore waarin hulle 'n reg hou.

7.1.2 Visvangervaring en -kennis

- (a) die aantal jare waarvoor die aansoeker 'n kommersiële visvangreg hou in die sektor waarin hy of sy om 'n reg aansoek doen;
- (b) die aantal jare waarvoor die aansoeker kommersiële visvangregte hou in ander visvangsektore as die visvangsektor waarin hy of sy om 'n reg aansoek doen; en
- (c) die aantal jare wat die aansoeker by die Suid-Afrikaanse visvangbedryf-waardeketting (vangs, verwerking, bemarking en bestuur van finansies) betrokke is.

7.1.3 Belegging

- (a) Billike waarde van die produktiewe niebedryfsvisvang- en visseryverwante laste en bates wat in die naam van die aansoeker geregistreer is. Die langtermyn-bates en -laste wat in die besigheid gebruik word, word as niebedryfs omskryf – daar word nie verwag dat dit binne een jaar ontvang of betaal word nie. Die niebedryfsbates sluit in maar word nie beperk nie tot eiendom, masjinerie en toerusting (insluitend 'n vaartuig), beleggingseiendom, ontasbare bates en beleggings wat met behulp van die ekwiteitsmetode gewaardeer word.
- (b) Billike waarde van die produktiewe bedryfsvisvang- en visseryverwante laste en bates wat in die naam van die aansoeker geregistreer is. Bedryfsbates en -laste is kort termyn en sirkuleer as deel van die besigheid se bedryfsiklus. Daar word veronderstel dat dit binne 'n jaar ontvang of in kontant betaal word. Die bedryfsbates sluit in maar word nie beperk nie tot voorraad, handels- en ander debiteure, kontant en kontantekwivalente.

7.1.4 Vertroue

- (a) Afhangend van die aansoekvorm van 'n aansoeker sal 'n geweegde telling aan aansoekers toegeken word op grond van –
 - (i) die persentasie (%) inkomste wat uit 'n visvangsektor/e in Suid-Afrika verkry word; en

- (ii) die persentasie (%) inkomste wat uit 'n visvangsektor/e buite Suid-Afrika verkry word.

7.1.5 Nakoming

- (a) Afhangend van die aansoekvorm van 'n aansoeker sal 'n geweegde telling aan aansoekers toegeken word op grond van –
 - (i) Geringe oortredings: die aansoeker is skuldig bevind aan 'n oortreding ingevolge die MLRA of die regulasies of permitvoorwaardes in die periode soos in die Visseriesektor-spesifieke beleide bepaal word.
 - (ii) Geringe oortredings: die aansoeker het slegs 'n boete as erkenning van skuld betaal vir 'n oortreding ingevolge die MLRA of die regulasies of permitvoorwaardes in die periode soos in die Visseriesektor-spesifieke beleide bepaal word. Hierdie soort oortredings sal in die vergelykende balanseringsfase tot 'n geringe tellingboete lei.
 - (iii) Geringe oortredings: 'n aansoeker se visvangreg of permit is opgeskort of verlaag vir 'n tydperk wat in die Visseriesektor-spesifieke beleide omskryf word.
 - (iv) Wesenlike oortredings: die aansoeker het ingevolge die Strafproseswet 51 van 1977 'n pleitonderhandeling aangegaan vir 'n oortreding ingevolge die MLRA of die regulasies of permitvoorwaardes in die periode soos in die Visseriesektor-spesifieke beleide bepaal word. Hierdie soort oortredings sal in die geval van 'n enkele oortreding in die vergelykende balanseringsfase tot 'n wesentliche tellingboete lei. In die geval van herhaaldelike oortredings van die MLRA deur die aansoeker sal die aansoeker uitgesluit word.
 - (v) Wesenlike oortredings: daar is ingevolge die MLRA op die aansoeker se visvangvaartuig, motorvoertuig, perseel of enige van die aansoeker se bates beslag gelê of dit is ingevolge die Wet op die Voorkoming van Georganiseerde Misdad 121 van 1998 verbeurd verklaar in die periode soos in die Visseriesektor-spesifieke beleide bepaal word. Hierdie soort oortredings sal in die geval van 'n enkele oortreding in die vergelykende balanseringsfase tot 'n wesentliche tellingboete/s lei. In die geval van herhaaldelike oortredings van die MLRA deur die aansoeker sal die aansoeker uitgesluit word.

- (b) Aansoekers met hangende regsgedinge sal op dieselfde manier as alle ander aansoekers geassesseer en geëvalueer word. Indien hierdie aansoekers suksesvol is, sal die regte toegestaan word, maar voorbehou word in afwagting van die afhandeling van sodanige gedinge. Indien die aansoeker suksesvol is met die regsgedinge, sal die aansoeker toegelaat word om die reg uit te oefen. Indien die regsgedinge onsuksesvol is, sal die reg pro rata onder alle ander suksesvolle aansoekers in dieselfde kategorie verdeel word.

7.1.6 Toegang tot geskikte vaartuig

- (a) Aansoekers sal in ooreenstemming met hulle aansoekvorm en die sektor-spesifieke beleid 'n geweegde telling ontvang wat gegrond word daarop of –
 - (i) die aansoeker 'n geskikte vaartuig besit of toegang daartoe het; en
 - (ii) die aansoeker se genomineerde vaartuie ingevolge die Handelskeepvaartwet 57 van 1951, die Wet op die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid (“SAMSA”) 5 van 1998, die Wet op Seeverkeer 2 van 1981 en die Regulasies daarvan aan spesifikasies vir veiligheid ter see en vaartuie voldoen.

- (b) 'n Geskikte vaartuig sal in die toepaslike visvangsektor-spesifieke beleid beskryf word, maar enige vaartuig wat in die Suid-Afrikaanse visvangbedryf wil werk, moet:
 - (i) 'n vaartuig onder die Suid-Afrikaanse vlag wees (tensy 'n uitsondering in 'n visvangsektor-spesifieke beleid gemaak word);
 - (ii) met 'n departementeel-goedgekeurde en werkende vaartuigmoniteringstelsel (VMS) toegerus wees (tensy dit deur die Departement vrygestel word);
 - (iii) by die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid (SAMSA) as geskik vir visvang geregistreer wees; en
 - (iv) nie negatief op enige Streeksvisserijbestuursorganisasie (SVBO) se lys en/of ooreenkomste aangedui word nie.

7.1.7 Visvangprestasie

- (a) Afhangend van 'n aansoeker se aansoekvorm sal 'n geweegde telling aan aansoekers toegeken word op grond van –

- (i) die getal visvangseisoene waarin die aansoeker sy of haar reg uitgeoefen het om 'n kommersiële visvangsaktiwiteit te onderneem in die visvangsektor waarvoor die aansoeker vir die hertoewysing van die reg aansoek gedoen het.
- (ii) die verhouding van die vangs wat die aansoeker ontskeep het in die visvangsektor waarvoor die aansoeker aansoek gedoen het.
- (iii) oor-oes van hulle toewysings in enige visvangseisoen en in die finale seisoen voor die toewysing van kommersiële visvangregte deur meer as 'n sekere persentasie wat in die Visserysektor-spesifieke beleid bepaal word.

7.1.8 Transformasie

- (a) In die regtetoewysingsproses sal die ras, geslag en ouderdom van aansoekers, en in die geval van regs persone, die ras, geslag en ouderdom van die aansoeker se aandeelhouers of lede, bestuur, verskaffers en arbeidsmag, ook in ag geneem word. Korporatiewe maatskaplike belegging sal voorts ook in aanmerking geneem word.
- (b) Slegs voordelige eienaarskap van aansoekers deur histories-benadeelde persone in die vorm van onbeperkte stemreg en ekonomiese belang wat met ekwiteitseienaarskap verband hou, sal geëvalueer en in aanmerking geneem word. Ten einde te bepaal of stemregte en ekonomiese belang “onbeperk” is, kan die Gedelegerde Owerheid Kode 100 van die BSEB-wet in ag neem. Kode 100 is die meting van die eienaarskapselement van breë swart ekonomiese bemagtiging.
- (c) Punte sal toegeken word aan aansoekers wat daarin geslaag het om hulle werknemers deur werknemereienaarskapskemas te bemagtig, met dien verstande dat aansoekers moet kan demonstreer dat die werknemers werklike voordele (soos dividende en gesamentlike bestuur) uit die skema verkry het en dat sodanige voordele bevestig kan word. Die getal histories-benadeelde persone in die senior of uitvoerende bestuur van 'n aansoeker se visvangsake-entiteit sal in ag geneem word. Senior of uitvoerende bestuur beskryf gewoonlik daardie persone wat daarvoor verantwoordelik is om die strategiese aktiwiteite van die maatskappy te lei en wat regstreeks aan óf die besturende direkteur óf die direksie rapporteer.
- (d) Wanneer aansoeke geëvalueer en bepunt word, en wanneer gedeeltes van die TTV aan suksesvolle aansoekers toegeken word, kan die Gedelegerde Owerheid op grond van transformasiekriteria aan aansoekers voorkeur gee. Wanneer 'n telling vir

transformasiekriteria toegeken word, of gedeeltes van die TTV toegewys word, kan die Gedelegeerde Owerheid die volgende in ag neem: sensusstatistiek of ander inligting wat deur Statistieke SA oor die samestelling van die bevolking van Suid-Afrika verskaf word, en die persentasie van daardie bevolking wat uit verskillende demografiese groepe bestaan; die behoefte om die erkenning van en histories-benadeelde persone (HBP's) se betekenisvolle en regverdigbare deelname aan die visvangbedryf te verseker en die kodes van goeie praktyk ingevolge die Wysigingswet op Breë Swart Ekonomiese Bemagtiging.

- (e) Aansoekers sal in ooreenstemming met die sektor-spesifieke beleide en hulle aansoekvorm 'n geweegte telling ontvang wat gegrond word op –
 - (i) aansoeker se profiel ten opsigte van ras, geslag en ouderdom vir individue;
 - (ii) aansoeker se swarteienaarskapsprofiel vir maatskappye;
 - (iii) aansoeker se bemagtigingsprofiel en werknemerdiensrekord ten opsigte van swartmense, vroue, jongmense, persone met gestremdhede en jare diens;
 - (iv) die persentasie van die HBP-loonrekening van die totale loonrekening;
 - (v) dividende wat aan die aandeelhouders of lede betaal word en die gemiddelde finansiële vloei na die begunstigdes, insluitend uiteensetting van ras en geslag van begunstigdes;
 - (vi) dividende wat aan die werknemertrust betaal word en die gemiddelde finansiële vloei na die begunstigdes, insluitend uiteensetting van ras en geslag van begunstigdes;
 - (vii) die persentasie van die aansoeker se netto wins wat aan korporatiewe maatskaplike belegging bestee word;
 - (viii) of die aansoeker goedere/dienste verkry van maatskappye wat in meerderheid swart besit is;
 - (ix) of die aansoeker 'n aangewese werkgewer is soos in artikel 1 van die Wet op Diensbillikheid 55 van 1998 omskryf word;
 - (x) of die aansoeker aan die Wet op Diensbillikheid 55 van 1998 voldoen;
 - (xi) of die aansoeker 'n diensbillikheidsplan ontwikkel het;
 - (xii) of die aansoeker aan die Wet op Vaardigheidsontwikkeling 97 van 1998 voldoen;
 - (xiii) of die aansoeker ingevolge die Wet op Vaardigheidsontwikkelingsheffings 9 van 1999 heffings betaal;

- (xiv) of die aansoeker 'n vaardigheidsontwikkelingsfasiliteerder aangestel het;
- (xv) of die aansoeker 'n werkplekvaardigheidsplan ontwikkel en geïmplementeer het;
- (xvi) of die aansoeker aan leerlingskapprogramme deelneem;
- (xvii) of die aansoeker met ondernemingsontwikkelingsprojekte begin het om die verbetering van swart eienaarskap, bestuur en vaardighede in nuwe sakeondernemings te hanteer, wat beleggingsprogramme en toegang tot finansiering insluit;
- (xviii) die werklike bedrag en persentasie wat binne en buite Suid-Afrika aan goedere en dienste bestee word;
- (xix) of die aansoeker waardetoegevoegde aktiwiteite geïnisieer het in die spesifieke sektor/vissery waarin hy bedrywig is;
- (xx) die bevordering van plaaslike ekonomiese ontwikkeling ten opsigte van hawens waar vangste ontskeep en verwerk word; en
- (xxi) die bevordering van plaaslike ekonomiese ontwikkeling deur verbintenisse te maak ten opsigte van hawens waar vangste ontskeep en verwerk word.

7.1.9 Werkskepping

- (a) 'n Belangrike doel met die toewysing van kommersiële visvangregte is om 'n omgewing te skep wat vir werkskepping, veral die skepping van meer permanente (“hele jaar”) en beter gehalte werk in die visvangbedryf, bevorderlik is.
- (b) Werk wat geskep word deur aansoekers wat kommersiële visvangregte hou en toename in werk as gevolg van die toewysing van kommersiële visvangregte oor tyd sal in ag geneem word.
- (c) Die skep van permanente (hele jaar) werk word bo seisoenale werk verkies en seisoenale werk word bo kontrakwerk (kort termyn) verkies.
- (d) Afhangend van 'n aansoeker se aansoekvorm sal 'n geweegde telling dus aan aansoekers toegeken word op grond van –
 - (i) die getal permanente (hele jaar), seisoenale en kontrakwerknemers (kort termyn) ten opsigte van die finansiële jare soos in die visserysektor-spesifieke beleide gespesifiseer word;

- (ii) of die aansoeker voldoen aan dienswerksomstandighede op visvangvaartuie en in fabrieke, veiligheid ter see, gesondheid en veiligheid ingevolge die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid 85 van 1993 en die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes 130 van 1993; en
- (iii) die loonrekening wat aan die werknemers betaalbaar is.

7.1.10 Beslissende faktore

- (a) indien daar aansoekers met dieselfde telling is, kan die Gedelegeerde Owerheid beslissende kriteria gebruik om tussen aansoekers met dieselfde telling te kies.
- (b) die beslissende faktore sal rasideel, billik en objektief wees en kan kriteria behels wat nie aan tellings gekoppel is nie of kriteria wat aan tellings gekoppel is maar 'n ander gewig kry ten einde aan doelwitte en beginsels van die MLRA uitvoering te gee.

7.2 Balanseringskriteria: Kategorie B-aansoekers

Aansoekers sal in ooreenstemming met die visvangsektor-spesifieke beleide en hulle aansoekvorm 'n geweegde telling ontvang wat gegrond word op: –

7.2.1 Multisektorbetrokkenheid

- (a) Die getal visvangsektore waarby die aansoeker betrokke is en die aansoeker se betrokkenheid by ander visvangsektore as die visvangsektor waarvoor hulle aansoek doen, kan ook vir die doeleindes van die prioritisering van die verbreding van toegang, transformasie en inklusiewe ekonomiese ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse visvangbedryf oorweeg word.
- (b) Die grootte van die toewysing in die sektore waarin hulle 'n reg hou.

7.2.2 Visvangervaring en -kennis

- (a) die aantal jare wat die aansoeker kommersiële visvangregte in daardie sektore hou.
- (b) die aantal jare wat die aansoeker by die Suid-Afrikaanse visvangbedryf-waardeketting (vangs, verwerking, bemaking en bestuur van finansies) betrokke is.

7.2.3 Belegging

- (a) Billike waarde van die produktiewe niebedryfsvisvang- en visseryverwante laste en bates wat in die naam van die aansoeker geregistreer is. Die langtermyn-bates en -laste wat in die besigheid gebruik word, word as niebedryfs omskryf – daar word nie verwag dat dit binne een jaar ontvang of betaal word nie. Die niebedryfsbates sluit in maar word nie beperk nie tot eiendom, masjinerie en toerusting (insluitend 'n vaartuig), beleggingseiendom, ontasbare bates en beleggings wat met behulp van die ekwiteitsmetode gewaardeer word.
- (b) Billike waarde van die produktiewe bedryfsvisvang- en visseryverwante laste en bates wat in die naam van die aansoeker geregistreer is. Bedryfsbates en -laste is kort termyn en sirkuleer as deel van die besigheid se bedryfsiklus. Daar word veronderstel dat dit binne 'n jaar ontvang of in kontant betaal word. Die bedryfsbates sluit in maar word nie beperk nie tot voorraad, handels- en ander debiteure, kontant en kontantekwivalente.

7.2.4 Vertroue

Afhangend van 'n aansoeker se aansoekvorm sal 'n geweegde telling aan aansoekers toegeken word op grond van die persentasie (%) inkomste wat verkry word uit:

- (a) visvangsektor/e waarin die aansoeker 'n kommersiële visvangreg hou.
- (b) ander gebiede in die visvangsektor buiten in die sektor waar die aansoeker 'n reg hou.
- (c) 'n visvangsektor/e buite Suid-Afrika.

7.2.5 Nakoming

Afhangend van 'n aansoeker se aansoekvorm sal 'n geweegde telling aan aansoekers toegeken word op grond daarvan of –

- (a) die aansoeker skuldig bevind is aan 'n oortreding ingevolge die MLRA of die regulasies of permitvoorwaardes in die periode soos in die Visserysektor-spesifieke beleide bepaal word.
- (b) die aansoeker ingevolge die Strafproseswet 51 van 1977 'n pleitonderhandeling aangaan het vir 'n oortreding ingevolge die MLRA of die regulasies of

permitvoorwaardes in die periode soos in die Visseriesektor-spesifieke beleide bepaal word.

- (c) die aansoeker slegs 'n boete as erkenning van skuld betaal het vir 'n oortreding ingevolge die MLRA of die regulasies of permitvoorwaardes in die langtermynregperiode ingevolge die periode soos in die Visseriesektor-spesifieke beleide bepaal word.
- (d) daar ingevolge die MLRA op die aansoeker se visvangvaartuig, motorvoertuig, perseel of enige van die aansoeker se bates beslag gelê is of dit ingevolge die Wet op die Voorkoming van Georganiseerde Misdad 121 van 1998 verbeurd verklaar is in die periode soos in die Visseriesektor-spesifieke beleide bepaal word.

Aansoekers met hangende regsdinge sal op dieselfde manier as alle ander aansoekers geassesseer en geëvalueer word. Indien hierdie aansoekers suksesvol is, sal die regte toegestaan word, maar voorbehou word in afwagting van die afhandeling van sodanige gedinge. Indien die aansoeker suksesvol is met die regsdinge, sal die aansoeker toegelaat word om die reg uit te oefen. Indien die regsdinge onsuksesvol is, sal die reg pro rata onder alle ander suksesvolle aansoekers in dieselfde kategorie verdeel word.

7.2.6 Toegang tot geskikte vaartuig

- (a) Afhangend van 'n aansoeker se aansoekvorm sal 'n geweegde telling aan aansoekers toegeken word op grond daarvan of –
 - (i) die aansoeker 'n geskikte vaartuig besit of toegang daartoe het.
 - (ii) die aansoeker se genomineerde vaartuie ingevolge die Handelskeepvaartwet 57 van 1951, die Wet op die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid (“SAMSA”) 5 van 1998 (“die **Wet**”), die Wet op Seeverkeer 2 van 1981 en die Regulasies daarvan aan spesifikasies vir veiligheid ter see en vaartuie voldoen.
- (b) 'n Geskikte vaartuig sal in die toepaslike visvangsektor-spesifieke beleid beskryf word, maar enige vaartuig wat in die Suid-Afrikaanse visvangbedryf wil werk, moet:
 - (i) 'n vaartuig onder die Suid-Afrikaanse vlag wees (tensy 'n uitsondering in 'n visvangsektor-spesifieke beleid gemaak word);
 - (ii) met 'n departementeel-goedgekeurde en werkende vaartuigmoniteringstelsel (VMS) toegerus wees (tensy dit deur die Departement vrygestel word);

- (iii) by die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid (SAMSA) as geskik vir visvang geregistreer wees; en
- (iv) nie negatief op enige SVBO se lys en/of ooreenkomste aangedui word nie.

7.2.7 Visvangprestasie

- (a) Afhangend van 'n aansoeker se aansoekvorm sal 'n geweegde telling aan aansoekers toegeken word op grond van –
 - (i) die getal visvangseisoene waarin die aansoeker sy of haar reg uitgeoefen het om 'n kommersiële visvangsaktiwiteit te onderneem in die visvangsektor waarvoor die aansoeker vir die hertoewysing van die reg aansoek gedoen het.

7.2.8 Transformasie

- (a) Die 2021: Algemene Beleid probeer om verder te transformeer as en die vlakke van transformasie wat reeds in die visvangbedryf bereik is, te verbeter. Slegs gehaltetransformasie sal erken word, met ander woorde transformasie wat lei tot werklike voordele vir histories-benadeelde persone soos in die Wet op die Nasionale Bemagtigingsfonds 105 of 1998 (NEFA) omskryf word. Ingevolge die NEFA beteken “histories-benadeelde persone” daardie persone of kategorieë van persone wat voor die nuwe demokratiese bedeling wat deur die aanvaarding en inwerkingstelling van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet No. 108 van 1996) aangedui word deur onbillike diskriminasie op grond van hulle ras benadeel is, en sluit regspersone of verenigings in wat deur sodanige persone besit en beheer word.
- (b) Persone in die visvangbedryf wat op grond van hulle ras en geslag histories benadeel is, veral ten opsigte van toegang tot kommersiële visvangregte. Dit is gevolglik nodig om die deelname van sodanige histories-benadeelde persone in al die takke van die visvangbedryf te bevorder. Dit is ook nodig om historiese wanbalanse te hanteer en billikheid in die visvangbedryf te bereik.
- (c) In die regtetoewysingsproses sal die ras, geslag en ouderdom van aansoekers, en in die geval van regspersone, die ras, geslag en ouderdom van die aansoeker se aandeelhouders of lede, bestuur, verskaffers en werksmag, ook in ag geneem word. Korporatiewe maatskaplike belegging sal voorts ook in aanmerking geneem word.

- (d) Slegs voordelige eienaarskap van aansoekers deur histories-benadeelde persone in die vorm van onbeperkte stemreg en ekonomiese belang wat met ekwiteitseienaarskap verband hou, sal geëvalueer en in aanmerking geneem word. Ten einde te bepaal of stemregte en ekonomiese belang “onbeperk” is, kan die Gedeleegerde Owerheid Kode 100 van die BSEB-wet in ag neem. Kode 100 is die meting van die eienaarskapelement van breë swart ekonomiese bemagtiging.
- (e) Punte sal toegeken word aan aansoekers wat daarin geslaag het om hulle werknemers deur werknemereienaarskapskemas te bemagtig, indien aansoekers kan demonstreer dat die werknemers werklike voordele (soos dividende en gesamentlike bestuur) uit die skema verkry het en dat sodanige voordele bevestig kan word. Die getal histories-benadeelde persone in die senior of uitvoerende bestuur van 'n aansoeker se visvangsake-entiteit sal in ag geneem word. Senior of uitvoerende bestuur beskryf gewoonlik daardie persone wat daarvoor verantwoordelik is om die strategiese aktiwiteite van die maatskappy te lei en wat regstreeks aan óf die besturende direkteur óf die direksie rapporteer.
- (f) Wanneer aansoeke geëvalueer en bepunt word, en wanneer gedeeltes van die TTV aan suksesvolle aansoekers toegeken word, kan die Gedeleegerde Owerheid op grond van transformasiekriteria aan aansoekers voorkeur gee. Wanneer 'n telling vir transformasiekriteria toegeken word, of gedeeltes van die TTV toegewys word, kan die Gedeleegerde Owerheid die volgende in ag neem: sensusstatistiek of ander inligting wat deur Statistieke SA oor die samestelling van die bevolking van Suid-Afrika verskaf word, en die persentasie van daardie bevolking wat uit verskillende demografiese groepe bestaan; die behoefte om die erkenning van en histories-benadeelde persone (HBP's) se betekenisvolle en regverdigbare deelname aan die visvangbedryf te verseker en die kodes van goeie praktyk ingevolge die Wysigingswet op Breë Swart Ekonomiese Bemagtiging.
- (g) Afhangend van 'n aansoeker se aansoekvorm sal 'n geweegde telling aan aansoekers toegeken word op grond van –
 - (i) aansoeker se profiel ten opsigte van ras, geslag en ouderdom vir individue.
 - (ii) aansoeker se swarteienaarskapsprofiel vir maatskappye.
 - (iii) aansoeker se bemagtigingsprofiel en werknemerdiensrekord ten opsigte van swartmense, vroue, jongmense, persone met gestremdhede en jare diens.

- (iv) die persentasie van die HBP-loonrekening van die totale loonrekening.
- (v) dividende wat aan die aandeelhouders of lede betaal word en die gemiddelde finansiële vloei na die begunstigdes, insluitend uiteensetting van ras en geslag van begunstigdes.
- (vi) dividende wat aan die werknemertrust betaal word en die gemiddelde finansiële vloei na die begunstigdes, insluitend uiteensetting van ras en geslag van begunstigdes.
- (vii) die persentasie van die aansoeker se netto wins wat aan korporatiewe maatskaplike belegging bestee word.
- (viii) of die aansoeker goedere/dienste verkry van maatskappye wat in meerderheid swart besit is.
- (ix) of die aansoeker 'n aangewese werkgewer is soos in artikel 1 van die Wet op Diensbillikheid 55 van 1998 omskryf word.
- (x) of die aansoeker aan die Wet op Diensbillikheid 55 van 1998 voldoen.
- (xi) of die aansoeker 'n diensbillikheidsplan ontwikkel het.
- (xii) of die aansoeker aan die Wet op Vaardigheidsontwikkeling 97 van 1998 voldoen.
- (xiii) of die aansoeker ingevolge die Wet op Vaardigheidsontwikkelingsheffings 9 van 1999 heffings betaal.
- (xiv) of die aansoeker 'n vaardigheidsontwikkelingsfasiliteerder aangestel het.
- (xv) of die aansoeker 'n werkplekvaardigheidsplan ontwikkel en geïmplementeer het.
- (xvi) of die aansoeker aan leerlingskapprogramme deelneem.
- (xvii) of die aansoeker met ondernemingsontwikkelingsprojekte begin het om die verbetering van swart eienaarskap, bestuur en vaardighede in nuwe sakeondernemings te hanteer, wat beleggingsprogramme en toegang tot finansiering insluit.
- (xviii) die werklike bedrag en persentasie wat aan goedere en dienste binne en buite Suid-Afrika bestee word.
- (xix) of die aansoeker waardetoegevoegde aktiwiteite geïnisieer het in die spesifieke sektor/vissery waarin hy bedrywig is.
- (xx) die bevordering van plaaslike ekonomiese ontwikkeling ten opsigte van hawens waar vangste ontskeep en verwerk word.

- (xxi) die bevordering van plaaslike ekonomiese ontwikkeling deur verbintnisse te maak ten opsigte van hawens waar vangste ontskeep en verwerk word.

7.2.9 Werkskepping

- (a) 'n Belangrike doel met die toewysing van kommersiële visvangregte is om 'n omgewing te skep wat vir werkskepping, veral die skepping van meer permanente en beter gehalte werk in die visvangbedryf, bevorderlik is.
- (b) Werk wat geskep word deur aansoekers wat kommersiële visvangregte hou en toename in werk as gevolg van die toewysing van kommersiële visvangregte oor tyd sal in ag geneem word.
- (c) Die skep van permanente werk word bo seisoenale werk verkies en seisoenale werk word bo kontrakwerk verkies.
- (d) Afhangend van 'n aansoeker se aansoekvorm sal 'n geweegde telling dus aan aansoekers toegeken word op grond van –
 - (i) die getal permanente werknemers ten opsigte van elke finansiële jaar waarvoor die reg toegestaan is.
 - (ii) of die aansoeker voldoen aan dienswerksomstandighede op visvangvaartuie en in fabrieke, veiligheid ter see, gesondheid en veiligheid ingevolge die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 (Wet No. 85 van 1993) en die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes, 193 (Wet No. 130 van 1993).

7.2.10 Beslissende faktore

- (a) indien daar aansoekers met dieselfde telling is, kan die Gedelegeerde Owerheid beslissende kriteria gebruik om tussen aansoekers met dieselfde telling te kies.
- (b) die beslissende faktore sal rasioneel, billik en objektief wees en kan kriteria behels wat nie aan tellings gekoppel is nie of kriteria wat aan tellings gekoppel is maar 'n ander gewig kry ten einde aan doelwitte en beginsels van die MLRA uitvoering te gee.

7.3 Balanseringskriteria: Kategorie C/nuwe toetreder-aansoeke

Aansoekers sal in ooreenstemming met die sektor-spesifieke beleid en hulle aansoekvorm 'n geweege telling ontvang wat gegrond word op: –

7.3.1 Visvangervaring en -kennis

Die aantal jare wat die aansoeker visvangverwante aktiwiteite (byvoorbeeld visvang, bemanningslid, fabriekswerker, bemarling of verkoop van vis, ens.) bedryf het of daarby betrokke was, en vir maatskappye die aantal jare wat aandeelhouers in die visvangbedryf bedrywig was.

7.3.2 Belegging

- (a) Billike waarde van die produktiewe niebedryfsvisvang- en visseryverwante laste en bates wat in die naam van die aansoeker geregistreer is. Die langtermyn-bates en -laste wat in die besigheid gebruik word, word as niebedryfs omskryf – daar word nie verwag dat dit binne een jaar ontvang of betaal word nie. Die niebedryfsbates sluit in maar word nie beperk nie tot eiendom, masjinerie en toerusting (insluitend 'n vaartuig), beleggingseiendom, ontasbare bates en beleggings wat met behulp van die ekwiteitsmetode gewaardeer word.
- (b) Billike waarde van die produktiewe bedryfsvisvang- en visseryverwante laste en bates wat in die naam van die aansoeker geregistreer is. Bedryfsbates en -laste is kort termyn en sirkuleer as deel van die besigheid se bedryfsiklus. Daar word veronderstel dat dit binne 'n jaar ontvang of in kontant betaal word. Die bedryfsbates sluit in maar word nie beperk nie tot voorraad, handels- en ander debiteure, kontant en kontantekwivalente.

7.3.3 Vertroue

- (a) Afhangend van 'n aansoeker se aansoekvorm sal 'n geweege telling aan aansoekers toegeken word op grond van –
 - (i) die persentasie (%) inkomste wat uit 'n visvangsektor/e in Suid-Afrika verkry word.
 - (ii) die persentasie (%) inkomste wat uit 'n visvangsektor/e buite Suid-Afrika verkry word.

7.3.4 Nakoming

Afhangend van 'n aansoeker se aansoekvorm sal 'n geweegde telling aan aansoekers toegeken word op grond daarvan of –

- (a) die aansoeker skuldig bevind is aan 'n oortreding ingevolge die MLRA of die regulasies in die periode soos in die Visseriesektor-spesifieke beleide bepaal word.
- (b) die aansoeker ingevolge die Strafproseswet 51 van 1977 'n pleitonderhandeling aangegaan het vir 'n oortreding ingevolge die MLRA of die regulasies in die periode soos in die Visseriesektor-spesifieke beleide bepaal word.
- (c) die aansoeker slegs 'n boete as erkenning van skuld betaal het vir 'n oortreding ingevolge die MLRA in die periode soos in die Visseriesektor-spesifieke beleide bepaal word.
- (d) daar ingevolge die MLRA op die aansoeker se visvangvaartuig, motorvoertuig, perseel of enige van die aansoeker se bates beslag gelê is of dit ingevolge die Wet op die Voorkoming van Georganiseerde Misdad 121 van 1998 verbeurd verklaar is in die periode soos in die Visseriesektor-spesifieke beleide bepaal word.

Aansoekers met hangende regsdinge se aansoeke sal met die finalisering van sodanige verrigtinge bepaal word. Indien die aansoeker suksesvol is met die regsdinge, sal die aansoeker toegelaat word om die reg uit te oefen. Indien die regsdinge onsuksesvol is, sal die reg pro rata onder alle ander suksesvolle aansoekers in dieselfde kategorie verdeel word.

7.3.5 Toegang tot geskikte vaartuig

- (a) Afhangend van 'n aansoeker se aansoekvorm sal 'n geweegde telling aan aansoekers toegeken word op grond daarvan of –
 - (i) die aansoeker 'n geskikte vaartuig besit of toegang daartoe het.
 - (ii) die aansoeker se genomineerde vaartuie ingevolge die Handelskeepvaartwet 57 van 1951, die Wet op die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid (“SAMSA”) 5 van 1998 (“die Wet”), die Wet op Seeverkeer 2 van 1981 en die Regulasies daarvan aan spesifikasies vir veiligheid ter see en vaartuie voldoen.

- (b) 'n Geskikte vaartuig sal in die toepaslike visvangsektor-spesifieke beleid beskryf word, maar enige vaartuig wat in die Suid-Afrikaanse visvangbedryf wil werk, moet:
 - (i) 'n vaartuig onder die Suid-Afrikaanse vlag wees (tensy 'n uitsondering in 'n visvangsektor-spesifieke beleid gemaak word);
 - (ii) met 'n departementeel-goedgekeurde en werkende vaartuigmoniteringstelsel (VMS) toegerus wees (tensy dit deur die Departement vrygestel word);
 - (iii) by die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid (SAMSA) as geskik vir visvang geregistreer wees; en
 - (iv) nie negatief op enige SVBO se lys en/of ooreenkomste aangedui word nie.

7.3.6 Transformasie

- (a) Die 2021: Algemene Beleid probeer om verder te transformeer as en die vlakke van transformasie wat reeds in die visvangbedryf bereik is, te verbeter. Slegs gehaltetransformasie sal erken word, met ander woorde transformasie wat lei tot werklike voordele vir histories-benadeelde persone soos in die Wet op die Nasionale Bemagtigingsfonds 105 of 1998 (NEFA) omskryf word. Ingevolge die NEFA beteken “histories-benadeelde persone” daardie persone of kategorieë van persone wat voor die nuwe demokratiese bedeling wat deur die aanvaarding en inwerkingstelling van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet No. 108 van 1996) aangedui word deur onbillike diskriminasie op grond van hulle ras benadeel is, en sluit regspersone of verenigings in wat deur sodanige persone besit en beheer word.
- (b) Persone in die visvangbedryf wat op grond van hulle ras en geslag histories benadeel is, veral ten opsigte van toegang tot kommersiële visvangregte. Dit is gevolglik nodig om die deelname van sodanige histories-benadeelde persone in al die takke van die visvangbedryf te bevorder. Dit is ook nodig om historiese wanbalanse te hanteer en billikheid in die visvangbedryf te bereik.
- (c) In die regtetoewysingsproses sal die ras, geslag en ouderdom van aansoekers, en in die geval van regspersone, die ras, geslag en ouderdom van die aansoeker se aandeelhouers of lede, bestuur, verskaffers en werksmag, ook in ag geneem word. Korporatiewe maatskaplike belegging sal voorts ook in aanmerking geneem word.
- (d) Slegs voordelige eienaarskap van aansoekers deur histories-benadeelde persone in die vorm van onbeperkte stemreg en ekonomiese belang wat met

ekwiteitseienaarskap verband hou, sal geëvalueer en in aanmerking geneem word. Ten einde te bepaal of stemregte en ekonomiese belang “onbeperk” is, kan die Gedelegeerde Owerheid Kode 100 van die BSEB-wet in ag neem.

- (e) Punte sal toegeken word aan aansoekers wat daarin geslaag het om hulle werknemers deur werknemereienaarskapskemas te bemagtig, met dien verstande dat aansoekers moet kan demonstreer dat die werknemers werklike voordele (soos dividende en gesamentlike bestuur) uit die skema verkry het en dat sodanige voordele bevestig kan word. Die getal histories-benadeelde persone in die senior of uitvoerende bestuur van 'n aansoeker se visvangsake-entiteit sal in ag geneem word. Senior of uitvoerende bestuur beskryf gewoonlik daardie persone wat daarvoor verantwoordelik is om die strategiese aktiwiteite van die maatskappy te lei en wat regstreeks aan óf die besturende direkteur óf die direksie rapporteer.
- (f) Wanneer aansoeke geëvalueer en bepunt word, en wanneer gedeeltes van die TTV aan suksesvolle aansoekers toegeken word, kan die Gedelegeerde Owerheid op grond van transformasiekriteria aan aansoekers voorkeur gee. Wanneer 'n telling vir transformasiekriteria toegeken word, of gedeeltes van die TTV toegewys word, kan die Gedelegeerde Owerheid die volgende in ag neem: sensusstatistiek of ander inligting wat deur Statistieke SA oor die samestelling van die bevolking van Suid-Afrika verskaf word, en die persentasie van daardie bevolking wat uit verskillende demografiese groepe bestaan; die behoefte om die erkenning van en histories-benadeelde persone (HBP's) se betekenisvolle en regverdigbare deelname aan die visvangbedryf te verseker en die kodes van goeie praktyk ingevolge die Wysigingswet op Breë Swart Ekonomiese Bemagtiging.
- (g) Afhangend van 'n aansoeker se aansoekvorm sal 'n geweegde telling aan aansoekers toegeken word op grond van –
 - (i) aansoeker se profiel ten opsigte van ras, geslag en ouderdom vir individue;
 - (ii) aansoeker se swarteienaarskapsprofiel vir maatskappye;
 - (iii) aansoeker se bemagtigingsprofiel en werknemerdiensrekord ten opsigte van swartmense, vroue, jongmense, persone met gestremdhede en jare diens;
 - (iv) die persentasie van die HBP-loonrekening van die totale loonrekening;

- (v) dividende wat aan die aandeelhouders of lede betaal word en die gemiddelde finansiële vloei na die begunstigdes, insluitend uiteensetting van ras en geslag van begunstigdes;
- (vi) dividende wat aan die werknemertrust betaal word en die gemiddelde finansiële vloei na die begunstigdes, insluitend uiteensetting van ras en geslag van begunstigdes;
- (vii) die persentasie van die aansoeker se netto wins wat aan korporatiewe maatskaplike belegging bestee word;
- (viii) of die aansoeker goedere/dienste verkry van maatskappye wat in meerderheid swart besit is;
- (ix) of die aansoeker 'n aangewese werkgewer is soos in artikel 1 van die Wet op Diensbillikheid 55 van 1998 omskryf word;
- (x) of die aansoeker aan die Wet op Diensbillikheid 55 van 1998 voldoen;
- (xi) of die aansoeker 'n diensbillikheidsplan ontwikkel het;
- (xii) of die aansoeker aan die Wet op Vaardigheidsontwikkeling 97 van 1998 voldoen;
- (xiii) of die aansoeker ingevolge die Wet op Vaardigheidsontwikkelingsheffings 9 van 1999 heffings betaal;
- (xiv) of die aansoeker 'n vaardigheidsontwikkelingsfasiliteerder aangestel het;
- (xv) of die aansoeker 'n werkplekvaardigheidsplan het;
- (xvi) of die aansoeker aan leerlingskapprogramme deelneem;
- (xvii) of die aansoeker met ondernemingsontwikkelingsprojekte begin het om die verbetering van swart eienaarskap, bestuur en vaardighede in nuwe sakeondernemings te hanteer, wat beleggingsprogramme en toegang tot finansiering insluit;
- (xviii) die werklike bedrag en persentasie wat aan goedere en dienste binne en buite Suid-Afrika bestee word;
- (xix) of die aansoeker waardetoegevoegde aktiwiteite geïnisieer het in die spesifieke sektor/vissery waarin hy bedrywig is;
- (xx) die bevordering van plaaslike ekonomiese ontwikkeling ten opsigte van hawens waar vangste ontskeep en verwerk word; en
- (xxi) die bevordering van plaaslike ekonomiese ontwikkeling deur verbintenisse te maak ten opsigte van hawens waar vangste ontskeep en verwerk word.

7.3.7 Werkskepping

- (a) 'n Belangrike doel met die toewysing van kommersiële visvangregte is om 'n omgewing te skep wat vir werkskepping, veral die skepping van meer permanente en beter gehalte werk in die visvangbedryf, bevorderlik is.
- (b) Werk wat geskep word deur aansoekers wat kommersiële visvangregte hou en toename in werk as gevolg van die toewysing van kommersiële visvangregte oor tyd sal in ag geneem word.
- (c) Die skep van permanente werk word bo seisoenale werk verkies en seisoenale werk word bo kontrakwerk verkies.
- (d) Afhangend van 'n aansoeker se aansoekvorm en 'n visvangsektor sal 'n geweegde telling dus aan aansoekers toegeken word op grond van –
 - (i) die getal permanente werknemers ten opsigte van die finansiële jare wat eindig op 'n datum soos in die visserysektor-spesifieke beleide gespesifiseer word.
 - (ii) of die aansoeker voldoen aan dienswerksomstandighede op visvangvaartuie en in fabrieke, veiligheid ter see, gesondheid en veiligheid ingevolge die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid 85 van 1993 en die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes 130 van 1993.

7.2.8 Beslissende faktore

7.2.8.1 indien daar te veel aansoekers met dieselfde telling is, kan die Gedelegeerde Owerheid beslissende kriteria gebruik om tussen aansoekers met dieselfde telling te kies.

7.2.8.2 die beslissende faktore kan kriteria behels wat nie aan tellings gekoppel is nie of kriteria wat aan tellings gekoppel is maar 'n ander gewig kry.

8 TOESTAAN VAN KOMMERSIËLE VISVANGREGTE

8.1 Totale Toelaatbare Vangs (TTV), Totale Ontplooibare Poging (TOP) of 'n kombinasie daarvan

- 8.1.1** Die Minister of die Gedelegeerde Owerheid het die mag om ingevolge artikel 14 van die MLRA 'n algemene TTV, TOP of kombinasie daarvan vas te stel om jaarliks in elke vissery van toepassing te wees.
- 8.1.2** Die TTV, TOP of kombinasie daarvan word deur die Gedelegeerde Owerheid bepaal met inagneming van onder andere die jongste visserysektor-spesifieke voorraadevalueringsverslag, die geskiedenis, hulpbrongebruikers, volhoubaarheid van die bedrywighede van regtehouers en die lewensvatbaarheid van die vissery. Die Gedelegeerde Owerheid sal slegs 'n plaaslike kommersiële gedeelte van die bepaalde TTV, TOP of kombinasie daarvan aan kommersiële regtehouers toeken op grond van die verhouding wat ten tyde van die kommersiële visvangregtetoewysingsproses aan elke suksesvolle aansoeker toegeken word. Die regtehouer se toewysing kan afneem of toeneem indien die jaarlikse kommersiële gedeeltes van die TTV, TOP of kombinasie daarvan onderskeidelik afneem of toeneem. Ingevolge artikel 14(4) van die MLRA, indien die toelaatbare kommersiële vangs waaruit kommersiële visvangregte bestaan, toeneem, moet die massa van die toename vir toewysing deur die Minister beskikbaar wees.
- 8.1.3** 'n Gedeelte van die kommersiële TTV, TOP of kombinasie daarvan kan na goeddunke van die Minister of sy/haar Gedelegeerde Owerheid gereserveer word vir appèlle of enige prioriteitsaak/sake wat die vervulling van die doelwitte van die MLRA wat in artikel 2 uiteengesit word, sal bevorder.
- 8.1.4** Ten opsigte van appèlle sal die oorblywende gedeelte van die TTV, TOP of kombinasie daarvan waarna daar in 8.1.3 hierbo verwys word ná afhandeling van die appèlproses en hofverrigtinge ná onsuksesvolle appèlle, of indien geen appèl aangeteken is nie, proporsioneel aan suksesvolle aansoekers of bestaande regtehouers toegeken word.
- 8.1.5** Indien die TTV-, TOP-gedeelte wat vir 'n appèlproses gereserveer word op grond van die uitkoms van die hofuitspraak oor dieselfde onderwerp nie voldoende is nie, sal die gedeelte wat tot suksesvolle aansoekers se beskikking is afwaarts aangepas word sodat dit nie die goedgekeurde TTV, TOP of kombinasie daarvan oorskry nie. Die implementering van aanpassings sal in die visserysektor-spesifieke beleide hanteer word.

8.1.6 Die Minister kan ten opsigte van enige vissery ná oorlegpleging met die Raadplegende Adviesforum bepaal dat die gedeeltes van TTV, TOP of kombinasie daarvan wat in enige jaar aan kleinskaalse plaaslike kommersiële en buitelandse visserye toegeken is, en regte wat ten opsigte daarvan toegestaan is, verminder moet word.

8.2 Visserytransformasieraad

Wanneer die Visserytransformasieraad (“die Raad”) ingevolge artikel 31 van die MLRA gevestig is, kan die Minister kommersiële visvangregte daaraan toewys. Wanneer die Raad gevestig is, moet dit regte ingevolge die kriteria wat deur die Minister bepaal word aan persone uit histories-benadeelde sektore van die samelewing en aan klein en medium-grootte ondernemings verhuur.

8.3 Voorlopige besluit en aankondiging daarvan

8.3.1 Die Gedelegeerde Owerheid kan voorlopige lyste oor enige aspek met betrekking tot ’n aansoek/e in enige visvangsektor vir kommentaar uitreik.

8.3.2 Die Gedelegeerde Owerheid kan kommentaar versoek oor enige van die inligting wat deur ’n aansoeker verskaf word, en aan die hand van die kommentaar wat ontvang is sy finale besluit neem.

8.3.3 Die Gedelegeerde Owerheid kan voorleggings oor die evaluering van die aansoeke versoek voordat ’n finale besluit geneem word.

8.4 Inligting wat oorweeg moet word

8.4.1 Die benadering wat hieronder uiteengesit word, sal deur die Gedelegeerde Owerheid gebruik word ten opsigte van inligting wat vir die evaluering van die aansoeke in ag geneem moet word:

(a) Dele van aansoekvorm wat nie ingevul is nie

Tensy die teendeel aangedui word, indien ’n deel van die aansoekvorm nie ingevul is nie, sal daar aanvaar word dat ’n deel van die vorm nie op die aansoeker van toepassing is nie. Indien die afdeling positiewe punte het wat met die antwoord verband hou, sal geen punte toegeken word nie.

en indien die afdeling negatiewe punte het wat met die antwoord verband hou, sal negatiewe punte toegeken word.

(b) **Laat inligting**

Inligting wat ná die sluitingsdatum vir aansoeke ingedien word, sal nie oorweeg word nie.

(c) **Inligting van eksterne bronne**

Nadelige inligting oor 'n aansoek wat van eksterne bronne ontvang word, sal nie deur die Gedelegeerde Owerheid in ag geneem word nie, tensy die aansoeker die geleentheid gegee word om voorleggings ten opsigte van daardie inligting te maak.

Die Gedelegeerde Owerheid kan tydens die regtetoewysingsproses inligting gebruik wat in die databasis van staatsdepartemente of entiteite vervat word wanneer die aansoeke geëvalueer en geassesseer word.

(d) **Gebruik van Departement se databasis**

Die Gedelegeerde Owerheid kan tydens die regtetoewysingsproses inligting gebruik wat in die Departement se eie databasis vervat is, maar sal dit slegs doen in die mate wat aansoekers die geleentheid gegee word om voorleggings oor die korrektheid van die data te maak.

(e) **Gebruik van Regtehouer se inligting**

Die Gedelegeerde Owerheid kan van aansoekers vereis om tydens die regtetoewysingsproses geouditeerde geverifieerde inligting in te dien. Die Gedelegeerde Owerheid sal vereis dat suksesvolle Regtehoueraansoekers die inligting vir die duur van die reg moet hou.

(f) **Indiening van vals inligting of dokumente en nie-openbaarmaking**

(i) Aansoekers of hulle gemagtigde verteenwoordigers moet 'n beëdigde verklaring voor 'n kommissaris van ede aflê waarin onder andere verklaar word dat hulle nie vals inligting of dokumente ingedien het nie en dat hulle nie versuim het om wesenlike inligting openbaar te maak nie.

(ii) Die indiening van vals inligting of vals dokumente of die versuim om wesenlike inligting openbaar te maak, sal 'n onafhanklike grond vir die weiering van 'n aansoek uitmaak. Daar sal aanvaar word

dat 'n aansoeker vals inligting verskaf het indien daar 'n wesenlike teenstrydigheid is tussen die inligting wat deur die aansoeker verskaf word en die inligting wat vervat is in die databasis en rekords wat deur die Departement gehou word en waar albei weergawes nie korrek kan wees nie.

- (iii) Die aflê van 'n vals verklaring in 'n beëdigde verklaring, wetend dat dit vals is, is 'n kriminele oortreding.

8.5 Versoeke om verdere inligting, ondersoeke en raadpleging

8.5.1 Die Gedelegeerde Owerheid kan aansoekers versoek om mondelinge voorleggings te maak of verdere skriftelike inligting aan te bied indien daar onsekerheid oor 'n wesenlike kwessie in 'n wesenlike getal van die aansoeke is. Indien mondelinge verhore gehou word, sal regsverteenwoordigers toegelaat word om die Gedelegeerde Owerheid toe te spreek.

8.5.2 Die Gedelegeerde Owerheid kan die verifikasiespan van kommersiële visvangregte versoek om enige saak te ondersoek, insluitend die korrektheid van inligting wat verskaf word.

8.5.3 Aansoekers moet met die verifikasiespan van kommersiële visvangregte se bepalings en voorwaardes saamwerk (byvoorbeeld deur betyds reaksies op skriftelike versoeke om inligting of verduidelikings in te dien, vergaderings met ondersoekers by te woon, op sodanige vergaderings vroeë bevredigend te beantwoord en, waar nodig, aan ondersoekers toegang tot aandeelhouders, werknemers, persele, vaartuie en dokumente te verskaf. Versuim om saam te werk, kan 'n onafhanklike grond vir die weiering van 'n aansoek uitmaak.

8.6 Aansoekers se betrokkenheid en verhouding met ander aansoekers

8.6.1 Entiteit en hulle filiale se betrokkenheid

'n Maatskappy en sy filiaal/filiale kan nie meer as een reg ontvang in die sektor waarvoor aansoek gedoen word nie ten einde fronte en monopolieë te vermy en om toegang tot mariene hulpbronne uit te brei. Aansoekers kan gevra word om hulle verhouding met ander aansoekers vir die toewysing van regte in hierdie sektor, asook in ander kommersiële sektore, openbaar te maak. Indien 'n entiteit en sy filiaal albei om 'n reg in hierdie sektor aansoek doen, sal die houermaatskappy voorkeur bo enige filiaal ontvang.

8.6.2 Broer-sustersamewerking

Indien twee of meer maatskappye wat deur dieselfde aandeelhouders besit en beheer word om 'n kommersiële visvangreg in enige visvangsektor aansoek doen, sal die Gedelegeerde Owerheid dit oorweeg om 'n visvangreg aan een van die maatskappye toe te wys indien twee of meer van die broer-sustermaatskappye vir 'n visvangreg in daardie spesifieke sektor kwalifiseer. Die Gedelegeerde Owerheid kan dit ook oorweeg om een visvangreg tussen die broer-sustermaatskappye te verdeel as hulle almal kwalifiseer vir 'n visvangreg in die visvangsektor waarvoor daar aansoek gedoen word.

8.6.3 Individue in dieselfde huishouding

Dieselfde huishouding kan nie meer as een reg ontvang in die vissery waarvoor aansoek gedoen word nie ten einde fronte en monopolieë te vermy en om toegang uit te brei. Aansoekers moet hulle verwantskap met ander aansoekers in ander kommersiële visserye openbaar maak. Indien meer as een lid van dieselfde huishouding om 'n reg aansoek doen, kan die Departement die aansoekers kontak en daarna bepaal wie die voorkeur- suksesvolle aansoeker sal wees. Die Gedelegeerde Owerheid kan dit ook oorweeg om een visvangreg tussen die suksesvolle aansoekers te verdeel as hulle almal kwalifiseer vir 'n visvangreg in die visvangsektor waarvoor daar aansoek gedoen word.

8.7 Finale besluit en aankondiging daarvan

8.7.1 Die “*kommersiële visvangregte*” wat ingevolge die MLRA toegewys word, is **nie eiendomsregte** nie en moet verstaan word as statutêre toestemming om 'n lewende mariene hulpbron vir 'n bepaalde tydperk te oes. Kansellasië of herroeping is dus nie onteiening van 'n eiendomsreg ingevolge die betekenis van artikel 25 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, of die Onteieningswet 63 van 1975 nie. Dit is duidelik uit artikel 18(6) van die MLRA, wat bepaal dat 'n visvangreg geldig is vir die tydperk wat deur die Minister (of sy/haar afgevaardigde) bepaal word, waarna dit outomaties na die staat toe terugval.

8.7.2 Die Gedelegeerde Owerheid sal ingevolge die bepalings van artikel 19 van die MLRA, die 2021: Algemene Beleid en die tersaaklike vissery-spesifieke beleid regte aan suksesvolle aansoekers toeken nadat die aansoeke geëvalueer is en oorweging aan insette of kommentaar ten opsigte van die voorlopige lysie in ag geneem is.

8.7.3 Nadat die Gedelegerde Owerheid finale besluite oor die toewysing van regte en omvang of poging geneem het, sal die Departement alle aansoekers skriftelik by hulle geregistreerde besigheidsadresse van die finale besluite ten opsigte van hulle aansoeke in kennis stel.

8.7.4 Wanneer die Gedelegerde Owerheid die finale besluit oor die toewysing van kommersiële visvangregte in 'n spesifieke vissery geneem en aangekondig het of die finale besluit oor die toestaan van regte aan die aansoekers in 'n spesifieke vissery oorgedra het, sal die mandaat van die Gedelegerde Owerheid om kommersiële visvangregte in daardie vissery toe te wys, verval, en dit kan nie deur die Gedelegerde Owerheid heropen word nie tensy die Gedelegerde Owerheid 'n fout gemaak het om die reg toe te ken, wat reggestel moet word. Met ander woorde die Gedelegerde Owerheid sal *functus officio* wees in 'n spesifieke vissery wanneer die finale uitkomst van die toewysing van visvangregte aan die aansoekers in daardie vissery gekommunikeer word, tensy daar 'n fout is wat reggestel moet word.

8.8 Deurlopende toestaan van kommersiële visvangregte

Indien enige kommersiële visvangregte ingevolge artikel 28 van die MLRA of enige ander reg herroep word nadat enige geregtelike hersieningsverrigtinge wat ingestel is, afgehandel is, kan 'n reg toegewys word aan 'n aansoeker wat in die mees onlangse toewysingsproses in daardie spesifieke visvangsektor aansoek gedoen het, aan al die uitsluitingskriteria voldoen het en 'n groot genoeg telling onder die onsuksesvolle aansoekers behaal het soos in die laaste algemene gepubliseerde redes van die Minister of haar of sy Gedelegerde Owerheid aangeteken is. Hierdie aansoekers sal op 'n wagglyse geplaas word en 'n reg sal aan hulle toegewys word soos en wanneer dit beskikbaar raak sonder dat dit nodig is om vir verdere aansoeke te vra.

Alternatiewelik kan die Minister sodanige kommersiële visvangregte ingevolge artikel 31 van die MLRA aan die Raad toewys, waarna die Raad, wanneer dit gevestig is, ingevolge die kriteria wat deur die Minister bepaal word regte aan persone uit histories-benadeelde sektore van die samelewing en aan klein en medium-grootte ondernemings kan verhuur.

8.9 Formaat van Regtehouers

8.9.1 Artikel 18 van die MLRA bepaal dat slegs Suid-Afrikaanse persone kommersiële visvangregte mag hou.

8.9.2 Met inagneming van die aard van bedrywighede en die toeganklikheid van hulpbronne, sal kommersiële visvangregte toegeken word slegs aan die volgende Suid-Afrikaanse persone soos omskryf word in die MLRA en soos in die Visserysektor-spesifieke beleide bepaal word:

- (a) 'n Suid-Afrikaanse burger;
- (b) 'n maatskappy;
- (c) 'n beslote korporasie;
- (d) koöperasies; en
- (e) Trust

8.10 Duur van reg

8.10.1 Kommersiële visvangregte sal in al die sektore vir 'n tydperk van hoogstens 15 jaar toegestaan word.

8.10.2 Die duur van regte sal deur die Gedeleegerde Owerheid bepaal word met inagneming van onder andere die vlak van transformasie in die vissery, die kapitaalintensiteit van die vissery, die behoefte om verdere belegging en ekonomiese groei aan te moedig, die huidige kennis van die biologiese status van die teikenspesies en die prestasie van deelnemers aan die vissery.

8.11 Appèlle

8.11.1 Die Gedeleegerde Owerheid sal waar nodig en regverdigbaar 'n gedeelte van die TTV, TOP of 'n kombinasie daarvan vir appèlle opsy sit. Die gedeelte van die TTV, TOP of 'n kombinasie daarvan wat nie toegewys is nie en wat vir appèlle opsy gesit is, indien enige, sal proporsioneel aan alle suksesvolle aansoekers en appellante toegewys word. Die toewysings van suksesvolle aansoekers kan ook op grond van die uitkoms van die appèlproses aangepas word.

8.11.2 Die Gedeleegerde Owerheid sal alle aansoekers van die datums van appèlle in kennis stel.

8.11.3 Enige aansoeker of geraakte of belanghebbende persoon sal die reg hê om teen die besluite van die Gedelegeerde Owerheid te appelleer. Die appèl kan gebring word teen 'n weiering om 'n reg toe te ken of teen die besluit, proses en metodologie van omvang of poging.

8.11.4 Die Minister, as die appèlowerheid, sal die feite oorweeg soos dit op die sluitingsdatum vir aansoeke was en sal nie feite in ag neem wat daarna ontstaan het nie. Indien 'n aansoeker byvoorbeeld ná die sluitingsdatum vir aansoeke 'n belegging in 'n vaartuig gemaak het, sal daardie feit nie in ag geneem word wanneer die appèl oorweeg word nie.

8.11.5 Wanneer 'n besluit geneem is, sal die appellant skriftelik van die appèlowerheid se besluit in kennis gestel word.

8.11.6 Ná die appèlowerheid se besluit kan appellante binne 180 dae nadat die appellant van die besluit van die appèlowerheid in kennis gestel is die howe vir regterlike hersiening nader.

8.12 Betaling van regtoewysingsgelde

8.12.1 Die Departement sal ná die nodige raadpleging die toepaslike regtoewysingsgelde betaalbaar vir elke vissery bepaal. Die regtoewysingsgelde vir elke vissery sal deur die Minister in oorleg met die Minister van Finansies bepaal word.

8.12.2 Die regtoewysingsgelde is betaalbaar deur alle suksesvolle aansoekers wanneer hulle kommersiële visvangregte toegestaan word. Die volle regtoewysingsgelde moet binne 60 dae ná ontvangs van hulle regtoewysingsbrief betaal word. Die Departement sal nie enige aansoek om permitte/lisensies aanvaar en dit aan suksesvolle regtehouers uitreik voordat daardie regtoewysingsgelde betaal is nie. Indien die regtehouer versuim om sy of haar regtoewysingsgelde binne die voorgeskrewe tydsraamwerk te betaal, sal die Departement ingevolge artikel 28 van die MLRA artikel 28-verrigtinge teen sodanige regtehouer instel.

8.13 Oordrag van visvangreg

8.13.1 Die oordrag van visvangregte wat ingevolge die MLRA toegestaan is, sal in ooreenstemming met die Beleid oor die Oordrag van Visvangregte en vissery-spesifieke beleide hanteer word.

8.13.2 Vir die doeleindes van die huidige regtetoewysingsproses moet die oordrag van aandele en/of kennisgewings van verandering in aandeelhouding en/of lede se belange van maatskappye en/of beslote korporasies wat in besit was van die vrystelling wat ingevolge artikel 81 van die MLRA toegestaan is, nie daartoe lei dat die aansoeker nadat hulle regte verval het deur sodanige oordragte bevoordeel word nie.

8.14 Uitoefening van visvangreg

8.14.1 Artikel 13 van die MLRA bepaal dat “*Geen persoon mag enige reg toegestaan ingevolge artikel 18 uitoefen of enige ander bedrywigheid ingevolge hierdie Wet verrig nie tensy die Minister aan so ’n persoon ’n permit uitgereik het om daardie reg of bedrywigheid uit te oefen of te verrig.*”

8.14.2 Permite om kommersiële visvangregte uit te oefen, sal ingevolge die bepalings van artikel 13 van die MLRA aan regtehouers uitgereik word –

- (a) Vir ’n gespesifiseerde tydperk van hoogstens een jaar;
- (b) Onderhewig aan die voorwaardes wat in die permit deur die Minister bepaal word; en
- (c) Teen betaling van enige gelde wat ingevolge artikel 25 van die MLRA bepaal word.

8.14.3 Die kommersiële visvangreg kan slegs uitgeoefen word wanneer ’n visvangpermit deur die betrokke Gedelegeerde Owerheid uitgereik is.

8.14.4 ’n Permit om ’n kommersiële visvangreg uit te oefen, kan geweier word indien die voorwaardes van ’n vorige permit wat ingevolge die MLRA uitgereik is, nie nagekom is nie.

8.15 Betaling van heffings

8.15.1 Aansoekers aan wie daar in vorige regtetoewysingsprosesse kommersiële visvangregte toegeken is, sal op die datum waarop hulle hulle aansoeke indien, bewys moet verskaf dat hulle op datum is met die betaling van hulle heffings op vis wat ontskeep is.

8.15.2 Die heffings betaalbaar vir vis wat tydens die geldigheidstydperk van die reg wat in hierdie regtetoewysingsproses ontskeep is, sal wees soos deur die Minister bepaal word.

8.16 Kansellasië en opskorting van regte, lisensies en permitte

- 8.16.1** 'n Reg, lisensie en permitte wat ingevolge die MLRA uitgereik is, kan ingevolge die bepalings van artikel 28 van die MLRA herroep, opgeskort, gekanselleer, gewysig of verminder word.
- 8.16.2** 'n Verbreking van die bepalings van die MLRA, die Regulasies wat ingevolge daarvan gepromulgeer is en/of permitvoorwaardes deur 'n regtehouer of 'n permithouer of 'n lisensiehouer, sy of haar werknemers (hetsy permanent of tydelik), sy of haar kontrakteurs, agente, adviseurs of die skippers kan daartoe lei dat regsgedinge ingestel word, wat artikel 28-gedinge en/of strafsake kan insluit.

9 TOEGANG TOT INLIGTING

- 9.1** Versoeke om toegang tot inligting wat op die rekords van die toewysings- en appèlprosesse betrekking het, sal ingevolge die prosedures en bepalings van die Wet op die bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet No. 2 van 2000) asook die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet No. 4 van 2013) hanteer word.
- 9.2** Die aansoekvorms en vereistes vir toegang tot inligting wat betrekking het op die rekords van die toewysings- en appèlprosesse wat deur die Departement gehou word, is beskikbaar by die Kliëntedienssentrum, wat op die grondvloer, Foretrust Gebou, Martin Hammerschlagweg, Strandgebied, Kaapstad 8001 geleë is. Vir meer inligting oor die aansoekproses vir toegang tot Departementele rekords kan die Departement deur middel van die kliëntedienshulplyn by 086 000 3474 (Share Call) gekontak word.

DEEL C: INWERKINGTREDINGSDATUM EN BELEIDSHERSIENING

10 INWERKINGTREDINGSDATUM

Hierdie beleid sal in werking tree op die datum waarop dit deur die Minister in die Staatskoerant gepubliseer word.

11 MONITERING EN EVALUERING VAN DIE BELEID

- 11.1** Ten einde die doeltreffendheid van die 2021: Algemene Beleid en Visserysektor-spesifieke beleide te verseker om die maatskaplike en ekonomiese behoeftes van die visvangbedryf en betrokke vissers en de ekologiese volhoubaarheid van die hulpbronne te hanteer, sal die Departement die

beleid moniteer en evalueer deur vir die duur van die 15-jaarperiode 'n aantal prestasiemetingsoefeninge in te stel. Daar word in die vooruitsig gestel dat die Departement soos en wanneer nodig verskeie prestasiemetingsoefeninge kan instel.

- 11.2 Hoewel die Departement die presiese kriteria waarteen regtehouers gemeet sal word ná die toewysing van kommersiële visvangregte – en nadat daar met regtehouers oorleg gepleeg is – sal finaliseer, kan die volgende breë prestasieverwante kriteria gebruik word:
- (a) Transformasie;
 - (b) Beleggings; en
 - (c) Voldoening van byvangsversagting aan toepaslike wette en regulasies.
- 11.3 Navorsing en deurlopende monitering deur die Departement en belanghebbers sal 'n belangrike rol speel om gapings, swakhede en tekortkominge in die beleide en die implementering daarvan te identifiseer.
- 11.4 Die Departement sal nuttige, betroubare en tydige terugvoer oor die doeltreffendheid van die beleide aan alle tersaaklike belanghebbers verskaf.
- 11.5 Tydens die prestasiemetingsoefening kan regsgedinge (wat die instel van artikel 28-gedinge ingevolge die MLRA en/of strafsake kan insluit) ingestel word teen enige Regtehouer wat enige voorwaarde oortree van die reg wat toegeken is.

GOEDKEURING HANDTEKENING

(As English version Gazetted)

NAAM: (Ms) B CREECY, MP

AMPSBENAMING: MINISTER VAN BOSBOU, VISSERYE EN DIE OMGEWING